# Die Van Aardes van Grootoor

’n Epiese Boeredrama in 780 episodes, vyf bedrywe en twee landstale

Hierdie stuk is op 26 November 1977 vir die eerste keer opgevoer in die Ateljee van die Baxterteater in Kaapstad onder beskerming van FRINGE. Die spelers was: Mary Dreyer, Antoinette Kellermann, Lida Botha, Christopher Galloway, Marthinus Basson en Bill Curry. Regie deur Dawie Malan.

Die teks is herskryf en soos hy hier staan opgevoer onder die beskerming van Die Geselskap in Die Laager, Markteater, Johannesburg, vanaf 20 September 1978. Op 20 Oktober 1978 is die opvoering deur die Publikasieraad onder seksies a, b, c en d van die Wet verbied. Appèl is aangeteken en die appèlsaak is gewen, danksy die energie en werk van Mannie Manim van die Markteater en van regsgeleerdes Koos de la Rey en Mac Scheepers.

Ná etlike snitte en die verwydering van foto’s van Suid-Afrikaanse premiers wat die tydsverloop op die verhoog aangedui het, is die opvoerings in Die Laager hervat. Die uitspraak van die woord KUX was ook nie na wense nie . . .

Oorspronklik was Springbokradio se vervolgverhale die inspirasie vir hierdie toneelstuk. Die advertensies tussen die episodes was herkenbare kommersiële uitsendings vir die programborge. Onlangse produksies het die radio-aspek vervang met televisiestrukture, geïnspireer deur bekende beeldradiosepies. Dus is die advertensies ook verfilm en op TV-skerms uitgebeeld.

Daar is ses spelers in die stuk. Vyf van hulle speel elkeen twee karakters:

Ou Aia Siena / Klein Siena

John Firestone / Tertius

Ouma / Elana

Mimi / Brenda

Fanie / Evert

Net Dolla verskyn in elke episode

Die handeling vind plaas op die stoep en in die voorkamer van die plaas Grootoor en strek van 1928 tot 1978.

Temamusiek word gebruik, soos die Rachmaninoff-klavierkonsert met 'Die Du Plooys van Soetmelksvlei' destyds op Springbokradio.

Die styl van hierdie sepie is meer Anton Tsjechof as Leon Schuster.

EERSTE BEDRYF

Episode 4 (1928):
‘Daardie Kersdag op Grootoor’

AIA SIENA, ’n bediende veel gelief
DOLLA, ’n jong boerin
MIMI, haar ongehude suster
FANIE VAN AARDE, Dolla se boer-man
OUMA DIEGENAAR, Dolla en Mimi se ma
JOHN FIRESTONE JUNIOR, Brit en skuldeiser

*Episode 4*
VROUESTEM: Met die slag van die ghong is dit presies 8.15. (*’n Ghong.*)
MANSTEM: Die vervaardigers van Kux-toiletseep bied aan: (*Musiek.*)
Episode vier van hierdie boerestorie wat elke moederhart sal streel.

DIE ADVERTENSIE
KARIEN: Ag, Marie, maar jou wit vel lyk so pragtig.
MARIE: Ja, Karien, ek gebruik mos net KUX-toiletseep.
KARIEN: KUX-toiletseep? Ek moet dit ook probeer. Tot jou man hou weer van jou.
MARIE: Jy’s reg, Karien. Met KUX is jou beste vyand jou grootste vriend, dagin en naguit.
STEM: KUX! Die seep wat alles vergeef. KUX!

STEM: Ons storie tot dusver – (*musiek*)
Ná die skielike wolkbreuk en vernietigende sprinkaanplaag het sake swaar verloop op die plaas Grootoor.
Die jonge Fanie van Aarde en sy liewe goeie vrou, Dolla, moes swoeg om die plaas weer op die been te dwing. Die water het die huis oorstroom en Dolla se jonger suster, Mimi, het amper verdrink. Maar toe skielik skyn die son en die dominee kon ’n huisbesoek waag.
Ses maande later word Grootoor deur ’n groot droogte geteister.
Dis 1928. Die land is arm en dor.

Die laaste paaiement moet op hierdie dag, hierdie Kersdag betaal word, of die plaas Grootoor is verlore!

*Musiek voluit en dan sagter soos ons in die episode gaan.*

*Ouma sit bewegingloos in ’n stoel. ’n Ou radio blêr ’n weergawe van Al Jolson se ‘Mammy’. Aia Siena is besig om ’n droë tak as Kersboom te verfraai. Staan terug en bekyk haar handewerk trots. Sy sug.*

AIA: Foeitog, ou boompie, jy’s ook klaar, nè?

*Dolla kom in, stadig, warm en moeg. Amper lusteloos.*

DOLLA: Die middagson is weer op sy warmste . . . liewe aarde, elke dag dieselfde uitmergelende hitte . . .

AIA: Ja, Nooi.

DOLLA (*sy vervies haar*): Slaan af daardie Engelse snert!

AIA: Ja, Nooi . . . è . . . nee, Nooi . . . ja-nee, Nooi, maar wanneer gaan die man dan kom, my nooi?

DOLLA: Hy sal wel kom, aia Siena. G’n Ingelsman vergeet ooit die dag wanneer hy sy geldskuld kan opeis nie. Jy onthou self hoe die ou roofdier in die verlede hier opgedaag het, mondwaterend vir sy bloedgeld!

AIA: Ai, Nooi, en dit nogal vandag op die Kersdag, nooi Dolla my nooi . . .

DOLLA (*sug diep*): Kersfees 1928. Ons moet vandag die laaste paaiement betaal of ons plaas Grootoor word ons ontneem. (*Sy huil bitterlik.*) Liewe aarde, moet dit dan so eindig? Ná soveel jare, soveel maande, soveel ure van hoop en swoeg, loop en ploeg . . .

*Ouma gee ’n harde nies plus ’n lastige ou windjie.*

Ag, Mammie, Mammie besef nie wat om Mammie plaasvind nie. Geniet maar Mammie se droomwêreld in die stilte van Mammie se mal gemoed, want net daarin is die goeie onwerklikheid van rus en vrede.

AIA: Nooi Dolla, lyk my die oumies word beter.

DOLLA: Nee, liewe Aia, onse mammie sit vir jare al so, sedert sy van die donkie afgeval het. Mammie sal nimmer weer praat, loop, handel of wandel nie. Arme Mammie . . .

*Ouma nies knaend plus daardie windjie.*

AIA: Foeitog, nooi Dolla. (*Sy gil:*) Oumies? Hei, Oumies? Oumies is klaar, nè?

*Ouma nies knaend plus meer lastigheid.*

DOLLA: Aia, neem vir Mammie tot buite onder die wilgerboom. Die hitte laat die arme vrou se stomme lippe aan mekaar vassmelt.

AIA: Ja, Nooi. Kom, Oumies, buite sitties, Oumies, buite sitties . . . aikôna . . . sjoe . . .

*Sy help Ouma uit, al niesend, al poepend.*

DOLLA (*moedeloos*): Liewe aarde, kon hy dan moontlik vergeet het? Ai, Grootoor! Ons plaas van ons drome! Ons het planne gehad vir jou, met jou, om jou, maar nou is alles tot niet!

*Mimi kom in uit die mergelende hitte met mandjie in hand. Sy is ook uitgeput en natgesweet.*

MIMI: Dolla? Die hoendertjie wil nie meer lê nie. Ses patetiese ou eiertjies . . . foeitog . . .

DOLLA: Ek wil huil, maar ek is droog! O, die hitte, die onverdraaglike droogte!

MIMI: Dolla, Dolla, Dolla! Op Kersdag so swaarmoedig? Hoe kan jy so bewoë wees met al die gawes van die lewe om jou – jou goeie man Fanie, ek, jou jonger, ongetroude suster Mimi – gesond en vol energie. En ook onse liewe mammie, nog met ons ten spyte van alles. Wat kan ons nog van die lewe vra?

DOLLA (*snuif die lug*): ’n Bad vir jou – en seweduisend pond!

MIMI: O donskombers!

DOLLA: Die laaste paaiement op ons Grootoor!

MIMI: O groentetuin!

DOLLA: Ons het eenvoudig nie die geld nie! Die Ingelsman sal Grootoor saam met hom wegdra!

MIMI: Is daar g’n uitwegkans nie?

DOLLA: Nee, my suster. Met al die negatiewe elemente teen ons – die sprinkane, die runderpes, die belastings, die reuk, die Ingelse – om net ’n paar te noem – is ons klaar!

MIMI: Klaar?

DOLLA: Die natuur verkrag ons, Mimi!

MIMI: O slaggat!

DOLLA: Moenie so aanhou vloek nie!

*Pouse.*

*Hulle kyk uit oor die werf met emosie en liefde.*

Ai, hoe mooi lyk die wildernis om ons . . .

MIMI: Die uitgedorde graanland . . .

DOLLA: . . . en die kaal verminkte wilgerboom . . .

*Hulle sug albei. Mimi krap-krap in haar neus.*

Mooi, maar ai, om net ’n bietjie water te voel om my litte, om my lyf . . .

MIMI: Glo en aan uwen zal gegewen zijn . . .

DOLLA: As ek maar net kon glo . . .

*Sy ween.*

MIMI: Glo, my suster! Ons is nog jonk, ons is sterk en jy is nou ook ’n Van Aarde! Erken die groot gawe van Grootoor!

DOLLA (*dapper*): Grootoor!

MIMI: Dolla, al gebeur die onverdraaglike, die onvermydelike, sal die wêreld nog eendag van ons hoor – ons, die Van Aardes van Grootoor!

DOLLA: Mimi!

MIMI: Dolla!

*Hulle omhels.*

*Fanie kom in, warm, moeg en amper lusteloos.*

FANIE: Sjoe, maar dis stinkwarm. Dagsê, my vrou . . . (*Soen haar.*) Mimi? (*Soen haar versigtig.*) Stinkwarm . . .

DOLLA (*huil*): Fanie!

MIMI (*ween*): O, Fanie!

FANIE: Shh, toe nou my meisies, wees sterk en vol moed.

DOLLA: Wat gaan ons doen?

MIMI: Kan ons nie by hom om uitstel smeek nie?

DOLLA (*diep geskok*): By ’n Ingelsman smeek? Mimi, dis heulery!

MIMI: Maar ons moet Grootoor behou!

FANIE: Dolla, na jou en Mimi en die liewe stomme Mammie, is Grootoor alles in my lewe. Ek sal soos ons vaders tot die laaste man veg vir ons voortbestaan!

DOLLA: O, Fanie . . .

FANIE (*die volksvader*): Ons is van die aarde! Ons word nou wel deur die natuur geteister in die vorm van hondsdolheid, ryp, vloed, sandstorms, swartes, die Unie, die Jode . . .

MIMI: . . . die Ingelse . . .

FANIE: . . . en dees meer plae en onkruid, maar die natuur toets ons kragdadigheid!

MIMI: O, Fanie, jou woorde spreek laagers!

FANIE: Soos die doringbos en die daggaboom, moet ons vasstaan en wortelskiet!

*Ons hoor die aankoms van ’n perd. Hulle kyk uit.*

DOLLA: Die duiwel is op Grootoor!

MIMI: O vleispastei!

DOLLA: Ek wil huil . . .

FANIE: Nee! Dolla? Mimi? Enigiets om Grootoor te behou, dit is my wanhoopskreet! (*Met hoed in hand, amper in gebed.*) Gee Grootoor vandag aan ons, en ons sal Grootoor groot

maak. Die wêreld sal kniel voor die magdom van ons grond, en mense sal tot verganklikheid weet: Ons, die Van Aardes woon hier!

*Aia Siena kom in met Ouma, reg vir die geveg. Sit Ouma in 'n stoel.*

AIA: Die Ingelse kom, die Ingelse kom! Vrouens en kinders agter die doringbosse, die voorlaaier staan reg, baas Fanie. Lank lewe die Boere!

*Aia gaan weer uit, reg vir die geveg.*

MIMI: Wat gaan ons doen?

FANIE: Ek het 'n plan! Kom ons nooi die Rooinek vir ete. Dit sal ons ten minste 'n bietjie meer tyd gee.

DOLLA: Fanie, wat vra jy van ons!

FANIE: Dolla, gaan maak jou reg. Raak ontslae van die parfuum van die kraal.

DOLLA (*verontwaardig*): Fanie!

MIMI: Ons maak ons mooi. Dit sal beslis help.

DOLLA: Ek is geskok! Diep geskok!

FANIE: Liewers geskok as tuisteloos . . .

MIMI: Toemaar, Fanie, ek sal verder aan my onskuldige getroude suster verduidelik. Bly jy by onse liewe Mammie.

FANIE: Natuurlik.

*Mimi en Dolla gaan uit. Fanie vestig sy aandag op Ouma. Sy gee 'n wind wat waai.*

Ag, my ou kosvretende, windbrekende, spookagtige ou skoonma! Van jou kry ons maar net stank vir dank!

JOHN (*van buite*): Hallo? Anyone home?

FANIE (*deur knersende tande*): Ja-nee, ons is 'home', jou purgasie. 'Come and do your damnedest!'

*John Firestone kom in; tipiese Engelse kakiedrag.*

JOHN: Good afternoon, Mr Van Aardie?

FANIE: I is he.

JOHN: Pleased to meet you.

FANIE: Me also.

*Daar is beslis 'n probleem met die regte gebruik van tale.*

JOHN: Unfortunately my father has suddenly been taken ill and couldn't make the trip, but then I have, for all intents and purposes, taken over the family business. So here I am.

FANIE: Ja-nee. Maak jou tuis.

JOHN: Where?

FANIE (*met moeite*): Make your person at the jhouse.

JOHN: Ah. Very kind. Very hot.

FANIE: Ja-nee.

JOHN: More ja than nee, I'd say. (*Hy kyk rond.*) Very impressive. Done wonders with the old dump. Quite uninhabitable in the old days, you know. Just didn't know what to do with this bit of desert. Fit only for jackals and meerkats. Can't blame you for loving it here though. Great investment. Bit of irrigation and a miracle, even paradise is bound to spring forth from . . . somewhere. Love the name: Grot-Or. Thought of moving out here meself. That is if you can't come up with the last instalment? But I don't suppose there's much chance of that, hmmm? No, of course not. Getting the place for a bargain, I must say.

FANIE: We love the land.

JOHN: Of course you love the land. I say, you're not by any chance interested in the adjoining piece of useless swampland, are you? Going for a song. Let's say, special price: £12.000 minus ten per cent discount for cash. Lovely real estate. Perfect for the black staff (*pouse*) . . . eh . . . yes, well you're not exactly a conversationalist, are you.

FANIE: I is 'n Van Aarde.

JOHN: Ah yes. Any children?

FANIE: Nee, we wait first for the oes.

JOHN: Ah yes, the good old Ooze. Well, I don't want to keep you from the land. Can we get down to business? The contract? (*Hy spel dit stadig uit vir Fanie om te verstaan.*) I get the money. You get my signature and the land. And the codicil? You pay, I sign and it's yours.

*Dolla en Mimi kom in, mooi gemaak.*

Good Gracious!

*Mimi is oombliklik smoorverlief. Dolla wil moor.*

MIMI: O moerbei.

JOHN: Hallo. John Firestone Junior. Pleased to meet you. (*Pouse.*) Lekker te vleis jou.

FANIE: My wife Dolla. Her sistertjie Mimi.

MIMI (*soos 'n Eliza Doolittle*): How dooo youuu dooo.

JOHN: Charming. Very well and you?

MIMI: Thank you toooo.

DOLLA (*spuug vuur*): Mimi, gedra jou!

JOHN: Well, we were just getting down to business, but I'm sure that can wait.

*'n Lang ongemaklike pouse. Uiteindelik:*

MIMI: It is very, very dry.

JOHN: Indeed.

FANIE (*verduidelik aan Dolla*): Iets draai . . .

*Nog 'n ongemaklike pouse.*

MIMI: Ja. Our chicken is also giving us some very bad lays.

JOHN: Frustrating . . .

MIMI: Ja.

DOLLA: Mimi, wat sê julle?

MIMI: But our little girl is fat with milk. Want some, Mister Firefly?

JOHN: No thanks.

*Pouse. Hy kyk rond vir iets waarmee hy die gesprek aan die gang kan hou.*

Gracious, what an individual Christmas tree.

FANIE: Ja, we will feast the night. Kersfees is a big day for us.

JOHN: Hung out your stockings, have you? (*Niemand weet wat hy bedoel nie.*) Djou kouse?

DOLLA: Sies, die man is onbeskof!

MIMI (*wulps*): Ja, our stockings is full. Glimlag, Dolla!

JOHN: I say . . . you must be the younger sister? Mimi?

MIMI: Ja, Dolla is older than me a little.

*Hy wil-wil haar hand vat. Moeilike oomblik. Dolla hou alles dop soos 'n kobra. Ouma los 'n wind. John wonder waar dit vandaan kom. Mimi wys na haar met liefde.*

Shame, our poor Mammie. She's dump. Look.

*Sy wys weer. John merk Ouma nou vir die eerste keer. Sy nies en doen wat dan gedoen word.*

Cheers!

DOLLA: Ek voel belaglik! Ek voel soos die hoer van Babilon!

FANIE: Dis alles vir Grootoor.

DOLLA: Ja, maar sê nou die dominee kom doen huisbesoek?

*John vat nou liggies aan Mimi se been.*

MIMI (*opgewonde*): Hey, Mister Fireplace! You somaar touch me on my bone!

FANIE: Will you stay for our feast?

JOHN: I couldn't possibly.

MIMI: Dolla, glimlag! Please stay, Mister Fireworks.

DOLLA (*'glimlag' gevaarlik*): Ja-nee.

MIMI (*wulps*): Ag you know, Mister Fireball, it's somaar 'n bit of 'n ou bokkie we found in the bush with some beans and eggs. But then we can look into each other se stockings for presents.

JOHN: What a treat.

*Hy knipoog vir Mimi.*

MIMI: O genotskrots!

DOLLA: Aia!

*Aia is daar met haar assegaai.*

Die donnerse Rooinek vertoef vir verversings.

AIA: Ja, Nooi. Sal ek hom nou steek?

DOLLA: Nee, Aia, steek hom later. Ons gaan eers gesels. Sit liewers nog boontjies in die Oumies se bredie.

AIA: Haai, nooi Dolla, dis vir moeilikheid vra. Die boontjie se wind is nog nie uitgekook nie!

DOLLA: O boeretroos!

*Aia draai die assegaai op John.*

JOHN: I say, does the old shadow mean me harm?

MIMI (*spin soos 'n verliefde kat*): Ag nee, it's just our liewe ou Aia. You will stay, Mister Firearms?

JOHN: Well if you absolutely insist. I'm very touched.

*Nou vat Mimi aan hom. John snuif die lug, dan sy hand. Kyk onder sy skoen. Iets ruik nie lekker nie.*

I say, do you think I could wash my hands somewhere?

DOLLA: Gaan was jou hande in die bloed van ons Volk!

MIMI: Word vlakker, Dolla, word vlakker! Netnou verdrink jy ons almal! (*Sy hou aan glimlag vir John.*)

FANIE: We have no water left.

MIMI: Mr Firehose, ons goeie liewe oue Aia will show you how to wash your hands with sands. No, it's alright, just make you gril a bit.

JOHN: As they say in Empire: anything for a gril!

*Met Aia se assegaai in sy rug, gaan John vinnig uit.*

DOLLA (*gewigtig*): Mimi! Wat het jy so vlerkslepend aan hom gesê!

MIMI (*vol passie*): Ek voel lam in die lende! Bloedjonk en beeldskoon . . .

DOLLA: Mimi, ruk jou reg!

MIMI: Hoekom! Ek wil ook ’n bietjie droom! Laat ek net een keer die liefdesvoggies in my donker spelonke voel vloei!

DOLLA: Fanie, waar gaan ons hulp vandaan kom?

FANIE: Ek is radeloos! Mimi is ons laaste hoop.

DOLLA: Mimi, ons ken jou dan nie so nie!

MIMI: Kyk my nie so aan nie! Ek is Mimi Dieggenaar, nie ’n slet van Sondaarsvallei nie! Wat ek doen is vir Grootoor; wat ek geniet is maar skyngenot. Enigiets om Grootoor te behou, dit was jou leuse, Fanie? Enigiets!

DOLLA: Maar, Mimi, die Kakie sal jou bevuil. Hy sal jou verneder. Hy sal jou verkrag!

MIMI: Sal hy?

DOLLA: Ja.

MIMI: Wanneer!

*Dolla en Mimi fluister opgewonde dinge vir mekaar. Fanie se glimlag gee hom amper weg.*

FANIE (*mompel*): ’n Knippie in die donker en Grootoor is vir ewig veilig. Niemand sal ooit weet nie. Vyf minute van lus, of ’n leeftyd van sweeftyd.

DOLLA: Fanie, ek het ’n plan.

FANIE: Julle steek hom net nie dood nie!

DOLLA: Het jy gesien hoe hy na Mimi gekyk het? Sy is vir hom die simbool van die lis en lus.

MIMI: Laat hom kom! Dit is my laaste leuse: laat hom kom!

FANIE: Maar wat gaan Mimi aan hom doen?

DOLLA: Mimi gaan hom wys waar Dawid die wortels gegrawe het.

FANIE: O donderdrom!

DOLLA: Besluit, Fanie. Daar is praktiese dinge wat ek as getroude vrou my sustertjie moet meedeel. Vieslike dinge wat ons in die donker doen wat sy mos nie van kan weet nie. Besluit Fanie. Of ons staan saam, of ons vergaan saam.

FANIE: Dolla, jy’t my oorreed. Mimi, hy moet net teken. Daar’s twee dokumente. O, Mimi, Mimi, watter opoffering verg die plaas van jou.

MIMI: Ja, ja, maar hou jou heldegebede tot later. Jy doof my vlam.

DOLLA: Hier kom hy! Sterkte, my suster.

MIMI: O drukspeld!

*John Firestone kom binne.*

JOHN: Something smells.

DOLLA: It’s Mimi!

JOHN: Delicious. A boontjiebredie, I'm told.

DOLLA: Ja, 'n special ou boerefoodie. Fanie, neem hom uit na die land. Ons sal gereed maak.

FANIE: Dolla, tog nie jy nie!

DOLLA: Wees nie bevrees nie, ek sal trou bly. Net Mimi sal val.

FANIE: O dankie tog.

DOLLA: Vat hom, Fanie, en dink net aan Grootoor.

FANIE: Kom. My wife wants me to have you on the land.

*John en Fanie gaan uit.*

MIMI: Sê my net wat om te doen en vlug jy dan weg van hierdie wulpse plek, o, my suster.

DOLLA (*'n aria*): O, my suster, hoe verwalg ek my in my swakheid. Hoe kan ek vergeet wat hy en sy soort aan ons gedoen het! Nadat Pappie deur die koei doodgeskop is, en die Ingelse ons plaas Duiwedoor vir 'n snip en 'n snak gekoop het? Die maande op die paaie van ons geteisterde land, hierdie gelofteland? En Mammie werkend in daardie stink-Jood se winkel vir 'n appel en 'n Clara Bow-haarkapsel? En daardie jingoskool waar ons kindertaaltjie soos ou taai biltong uitgespoeg is! En nou dit? Ons word nie verwag om met die vyand te heul nie, maar te hoereer!

MIMI: Dolla!

DOLLA: Ek, Dolla van Aarde, née Dieggenaar en die Ingelse Fariseër! Ek sal nooit weer my Fanie in die oë kan kyk nie . . .

MIMI: Maar, Dolla dier, jy hoef mos nie . . .

DOLLA (*nogal vies*): Is jy dan mal? Ek kan mos nie sulke skande misloop nie. Sal ons ons kaal uittrek, of ons kouse en strêpse aanhou?

MIMI: Strêpse, my suster, strêpse is beslis sy koppie tee.

*Hulle ontklee met gevoel.*

O, Dolla, Dolla, sonder ons skande vandag sal Grootoor tot niet gaan – besef jy dit!

DOLLA: Ek besef dit.

MIMI: Ons is niks.

DOLLA: Niks.

MIMI: Wat ons het, die bietjies wat ons het om mee te verlei, te versag, te verstreel – dit alles is net stroompies na die see. Grootoor is daardie see. Ons moet sonder skroom voortbloei.

DOLLA: O, my liewe halfkaal suster. Laat ons hier saamgebind word deur 'n onbreekbare band van skaamte. Wat ons vandag in Grootoor gaan belê, sal soos bloed teen die mure bly vir die nageslagte.

*Hulle staan nou net in kousbandjies en kouse, met hulle keppies nog aan.*

Fanie moet nooit hiervan te hore kom nie.

MIMI: Hier kom die verkragter! O grasperk! Gou-gou, Dolla, wat moet ek doen as die vent my wil soen? Wat maak ek oop? My oë of my mond?

DOLLA: Ag, my suster. Maak maar alles oop en dink net aan Grootoor!

*John Firestone kom in, half verblind deur son en sand. Dolla kruip weg agter iets, maar ons kan haar reaksies dophou.*

JOHN: Gracious! I can now see why you people keep praying for rain. It’s a desert out there. How long have you been without it?

MIMI: Well, I’ve always been without it . . . but Dolla has it on Fridays.

DOLLA (*fluister hard*): En public holidays!

JOHN: Oh? Mr Van Aardie says it hasn’t rained for two years.

DOLLA: En vandag’s ’n public holiday!

*John sien nou vir Mimi in haar onderklere.*

JOHN (*geskok*): My dear, you’ve been robbed!

MIMI: Keep talking.

JOHN: What an attractive pair of suspenders you have on.

MIMI: My suspencers are killing me. O, Mister Firebrand! Vat my, vergruis my in die grond, jou vark!

JOHN: Just call me John.

MIMI: And call me Mimi!

JOHN: Oh Mimi, Mimi, what’s a girl like you doing in a place like this?

MIMI: I clean the drains, and pull the goat’s tiete for our milk.

JOHN: How delightfully basic. Oh, Mimi, you could have the world at your feet . . .

MIMI: Keep talking . . .

JOHN: . . . eating out of your hand and smothering you with love!

MIMI: Prove your proverbs.

JOHN: Worshipping your shrine!

MIMI: Haai nee sies, los uit my ‘shrine’! You can have everything but that!

*Hy maak ’n lustige beweging na haar.*

Don’t rush me, you Brutus! I am but a simple maid in the service of my people.

JOHN: Keep talking! I die for your vowel sounds!

MIMI: Sies! How can you be so forward with me? I’m mos shy . . .

*Sy speel skaam.*

JOHN: Oh, where is the answer to your tantalisation? The culmination of your maddening clues?

MIMI: More or less where your hand is now.

JOHN: Oh, I'm frightfully sorry . . .

MIMI (*'n aria*): No, nee, no! Being you is never having to say that. You have conquered the world with good manners and lies, but still your hand is warm. En al sê hulle: warm hande, koue liefde, you have a sweet face and pretty nails. Your name is a volcano of arrogance, and yet from where my eyes sit, I can see . . . O, Johannes Vuurklip, met jou moet ek wip! What have you done to my panting maid's heart? I can't stop myself from wanting to touch you and kielie you, and open my treasure chest to your hokus-pokus en, haai, wat sê ek alles!

*Hulle omhels met passie. Dolla kyk met walging na alles.*

JOHN (*uitasem*): Oh, Mimi!

MIMI: But before you viciously rip my maidenhood en Maidenform from me, tell me one thing: why are you here at Grootoor? Are you the Knight in shining tweeds come to save a spider from her own cobwebs? Or is it true that you are a money collector sent to rob us of our birthright?

JOHN: What are you saying?

MIMI: Are you a Knight in shining tweeds come to save a spider from her . . . ag dêsset, man, wat wil jy van my hê? My money of my boks?

JOHN: You? Then you are the owner of the farm?

*Dolla knik haar kop aanmoedigend.*

MIMI: Ek? È . . . ja, you see, Grootoor is in my name for tax. So, what you want from Grootoor, you must extract from me. So prove first to me your love.

JOHN: I'll give you anything you wish! Money, land, automobiles! Name your price, Helen, and it will be yours. You are all to me – that Helen of Troy, Juliet, Lady Macbeth, Paula Negri . . . Garbo!

MIMI: Sies, maar jy slaap rond!

JOHN: Forgive me, I am naïve. Mimi, allow me to confess. You are my first oasis.

DOLLA (*gewalg*): Sies!

JOHN: My first Boeremeisie . . .

*Ouma laat haar winde huil. John snik in Mimi se skoot.*

MIMI: Haai nee, hou op tjank, man! Jy maak my broek muf. Alright, I dare you! Name your price!

DOLLA (*’n sisklank*): Name *your* price, Mimi, you bleddy fool!

MIMI: I want Grootoor!

JOHN: Done! I’ll sign! Where can we be private?

MIMI: No, the private has no lock on the door, but come with me in the solder . . .

*Sy lei hom giggelend na buite.*

*Dolla kom uit haar skuiling en maak seker hulle is weg. Dan met ’n sug van wanhoop:*

DOLLA: Die jags jakkals! O, my suster . . .

*Aia Siena kom onskuldig binne.*

AIA: Wat gaan aan, Nooi?

DOLLA (*verpletter*): Aia Siena! Maak toe jou oë! Word dadelik blind en doof, want ek sterf as ek jou na my sien kyk met daai kinderogies!

*Aia gaan verward uit, mompelend in haar moedertaal. Mimi kom stadig binne met gevoel.*

*Dolla verwag die ergste.*

O, my verkragte suster, is jy heel?

MIMI (*nie heel nie*): Sies, ek speel nie meer saam nie.

DOLLA: Maar het hy tyd gehad om te teken?

MIMI: O ja. Maar daar is nog die kodisil vir jou om te verower.

DOLLA (*’n aria*): Ek? Maar ek is dan ’n getroude vrou. Sal Grootoor my vergeef as ek nou struikel en val?

*John kom binne met ’n laken oor die kop.*

JOHN (*nou mal van lus*): Please! I’ll give you anything you demand, in exchange for one more chance!

DOLLA: O perdepuisie, wat moet ek doen!

*John dink Dolla is Mimi. Hy wil haar terugsleep solder toe.*

JOHN: Come with me, Mimi! Oh, Mimi!

DOLLA: O, Mimi my suster, vergeef my. Wat moet, moet.

*Sy gaan uit met John met ’n kreet van triomf.*

Public holiday, here I coming!

*Mimi kniel langs Ouma se stoel.*

MIMI: En jy, Mammie? Jy’t my dan altyd net vertel van feetjies en kabouters, maar wat van hierdie nare ding wat my nou bevlieg het? Daar’s iets wat julle van my weerhou.

*Aia kom binne met goeie nuus.*

AIA: Nooi Mimi! Kyk die lug!

MIMI (*kyk*): Die lug! Waarlik die reënwolke lê swaar en donker oor die dors land! Ou Aiatjie? Wat kan dit beteken!

*Bo uit die solder hoor ons Dolla se gesang:*

DOLLA: O Boereplaas, O Boereplaas, jou het ek lief bo alles . . .

*Dolla kom in, rustig en bedaard.*

Haai, hoe fraai sit ons mammietjie dan . . .

AIA: En nou, mies Mimi?

MIMI: Grootoor is gered, Aia!

*Aia gaan uit, oorweldig deur trane van vreugde.*

O, my suster!

DOLLA (*bevredig*): Fanie het nog so baie om te leer.

MIMI: Hoe ver moes jy gaan?

DOLLA: Hoe ver moes jy gaan?

MIMI: Ek het die kontrak. Geteken.

DOLLA: Ek het die kodisil. Ook geteken.

MIMI: Is dit al?

DOLLA: Nee, Mimi, ek is bevrees: sy koeël is deur my kerk.

MIMI: O, my bevrugte suster.

DOLLA: Fanie mag nooit hiervan te hore kom nie. Ek weet daar gaan ’n kind van kom. Fanie moet dink dis syne.

MIMI: O, Dolla.

DOLLA: O, Mimi.

*Hulle omhels. John Firestone kom in, verneder en verfrommeld.*

JOHN: I can’t stay here, not after this multiple rape! How can your husband ever look me in the eye after your lust and lack of latitude?

*Dolla en Mimi is nou onskuldig maagde.*

DOLLA: My man will for you kill!

JOHN: But I’m too young and important to die.

MIMI: That’s what they all say. Sies, you should be ashamed of yourself, John Fireside, breaking and entering twice on one visit. Your documents, here in our hands, mean little in comparison to the hurt and shame pressed into us defenceless women. Go and never return!

JOHN: I’ve been had!

*Hy strompel uit in ’n toestand van skuldigheid.*

MIMI (*dramaties*): You saw, you came, maar, boetie, you can put 'conquer' up your bum!

DOLLA: Moenie Ingels gil voor Mammie nie.

*Ouma reageer saggies.*

MIMI: Wys my joune?

DOLLA: Wys my joune!

*Hulle ruil dokumente. Fanie kom in, totaal verstom.*

FANIE: Wat gaan aan? Die Kakie hardloop sy perd vooruit. Wat het julle aan hom gedoen?

DOLLA (*onskuldig*): Gedoen?

MIMI (*ook so*): Ons?

DOLLA: Ons was net vriendelik, nè, Mimi?

MIMI: Die oulikste geselsies gehad, nè, Dolla?

DOLLA: Ons soos trotse Van Aardes gedra.

FANIE (*moedeloos*): Maar Grootoor is vir ons verlore . . .

DOLLA: Mimi? Kom ons kyk wat is in ons strêpse . . . Fanie?

*Sy oorhandig die dokument.*

My man, ek gee jou die toekoms. Ek gee jou die wêreld. Hier my man.

FANIE: Ek is verstom.

MIMI: Fanie my vriend? Ek gee jou meer as die toekoms. Ek gee jou Grootoor! Hier.

*Nou het hy beide dokumente.*

FANIE: Wat kan ek sê? O plaas van vreugde!

MIMI (*groots*): Die wêreld sal nog van ons hoor.

DOLLA (*ditto*): Ons, die Van Aardes van Grootoor!

*As Ouma haar finale geluide maak, gaan die ligte uit en die musiek swel.*

STEM: Wat sal gebeur? Sal Fanie ooit te hore kom van Dolla se skande? En wat van aia Siena? Het sy gesien? En sal sy onthou? En Ouma? Is dit moontlik dat haar jammerlike oomblikke getel is?

*Musiek neem ons na die volgende episode.*

TWEEDE BEDRYF

Episode 110 (1948)

'Die Wonderwerk van Grootoor'

AIA SIENA, steeds gelief, steeds dienend

ELANA, Fanie en Dolla se tienjarige dogter

DOLLA, reeds bitter

MIMI, steeds jonk, steeds ongehuud

TERTIUS, Dolla en Firestone se 1928-produk

FANIE, ouer en verslae

*Episode 110*

STEM: Die vervaardigers van KUX-toiletseep vir mans bied aan: (*Musiek.*)
Die Van Aardes van Grootoor. (*Musiek.*)
Episode 110 van die verhaal wat elke patriot se hart sal streel.

*Musiek.*

DIE ADVERTENSIE

KERNEELS: Ag, Jan, maar jou vel lyk rof en grof.

JAN: Ja-nee, Kerneels, ek gebruik mos net KUX-toiletseep vir MANS.

KERNEELS: KUX-toiletseep vir MANS? Ek moet dit ook probeer. Tot jou bankbestuurder hou weer van jou.

JAN: Jy's reg, Kerneels. Met KUX is jou grootste vyand jou beste vriend, dagin en daguit.

STEM: KUX – die seep vir mans, met die reuk vir mans. KUX!

*Musiek.*

STEM: Ons storie tot dusver:
Dis 1948.
Elana van Aarde se tiende verjaarsdagpartytjie het tragies geëindig toe die dominee se neef deur haar assegaai doodgesteek is.
Elana se ouer broer Tertius het reeds eerste prys behaal in die swaargewigbokstoernooi, asook die senior balletsolo.
Maar tannie Mimi is nie gesond nie.

Sal die donker verlede wel nou, ná twintig jaar, sy eise stel?

*Musiek. Ligte neem ons na die episode.*

*Elana is tien jaar oud, besig om tou te spring. Aia Siena is twintig jaar ouer. Sy sien baie sleg en bewys dit deurdat sy water in ’n koppie mis skink. Ons hoor die pynlike geskree uit Mimi se kamer.*

AIA: Ai foeitog, jou arme tante Mimi is baie siek, kleinnooi Elana, siek siek siek . . .

*Ons hoor Mimi se gekerm en geskree.*

ELANA: Het jy al ’n dooie mens gesien, Aia? Aia!

AIA: Hoe nou, Kleinnooi? Dood? Wie’s dood?

*Mimi skree en kerm.*

Luister na die winde wat so huil.

ELANA: En as tannie Mimi doodgaan, sal ons haar begrawe?

AIA: Ja, daar doer twintig jaar geliede is jou ouma skielik dood op Kersdag, ja.

ELANA: Ouma is dood in die Groot Windstorm.

AIA: Ai foeitog. Een grote poep en sy’s weggeroep.

ELANA: Mamma wil nie hê ek moet buite speel in my nuwe rok nie. Sy’s bang ek word vuil en dan sal die dominee my so sien. (*Sy tel haar touspringe.*) Eenduisendeenhonderd-en-ses . . .

*Dolla kom in, humorloos en uitgeput.*

DOLLA: Liewe aarde, wat gaan hier aan! Die dominee is nou-nou hier en kyk hoe lyk die plek.

*Elana probeer op haar kop staan.*

Elana, sit reg! Mamma het jou nie in ’n varkhok grootgemaak nie!

ELANA: Maar ek wil met my assegaai gaan speel.

DOLLA: Dis Sondag. Jy gedra jou soos ons jou geleer het.

ELANA: Mamma, kan ek na die draadloos luister?

DOLLA: Elana! Dis Sondag! G’n draadloos!

*Ons hoor hoe Mimi se gille weerklink.*

AIA: Daar’s wolwe in die stal.

DOLLA: Aia Siena? Gaan sê vir jou kleinseun Klippies om die kleinbaas Tertius se trapfiets te vat en nooi Mimi se galmedisyne in die dorp te gaan haal. Aia Siena, het jy gehoor?

AIA: ’Skuus, Nooi?

DOLLA: Liewe aarde, is dit moontlik! (*Praat harder.*) Nooi Mimi se galmedisyne!

*Sy stoot Aia uit. Elana probeer weer op haar kop staan.*

ELANA: Mamma, ek wil gaan speel!!!

DOLLA: Juffrou van Aarde, sit reg! Hou jou netjies en gedra jou soos ’n jong dame. Elana, jy’s amper elf.

ELANA: O muistepel!

DOLLA: Ek was jou mond uit met kasterolie!

ELANA: Dan gooi ek vir Tertius vas teen die staldeur met my assegaai!

DOLLA: Ag, Elana, waar kruip jy uit, my kind?

ELANA: Ek is mos onder ’n doringbossie gevind, maar Tertius het gekom – daardie aand van die Groot Wind wat Ouma uitmekaar geskiet het.

DOLLA (*voel die pyn van onthou*): Ons praat nie oor daardie donker dag nie, my kind. Mamma word te hartseer. Daardie dag was vir ons ’n groot slag. Maar nou, ná twintig jaar, is dinge baie beter. Ag, my kindjie, kom na Mamma . . .

*Elana is pure onskuldigheid. Dolla soen haar, dan gewalg:*

Elana, waar kry jy daardie rooi gemors op jou lippe! Gaan was dadelik jou gesig!

ELANA: Tertius het dit vir my aangesmeer.

DOLLA: O, waar is die ellendige Tertius!

ELANA: Hy help Pappa daar onder by die skuur. Ek wil ook help met die braaivleisvuur. Ek wil hout kap en die skaap doodsteek met my assegaai! Haijaarghh . . . (*Sy skree.*)

DOLLA: Elana, dis barbaars. Gaan was jou gesig en dan gaan lees jy vir tannie Mimi so ’n ietsie uit die Bybel. Jy weet dan hoe sy dit geniet.

ELANA: Willie. Tannie Mimi ruik sleg.

DOLLA: Elana! Tannie Mimi is dodelik siek!

ELANA: Ek dink sy word al vrot!

DOLLA (*vloek*): O koekblik.

ELANA: Haai sies, Mamma!

DOLLA: Elana, jy’s genoeg om ’n engel te laat vloek!

*Mimi kom kermend binne met ’n negemaande-swangerskap.*

MIMI: Ek sterf . . . ek sterf . . .

DOLLA: Mimi, my suster, kom rus . . .

MIMI: . . . ek sterf vir ’n stuk heuningkoek met turksvy en stroop. My erfporsie vir ’n stuk heuningkoek!

DOLLA: Maar jy’t pas gelus vir jellietjies en asynsous?

MIMI: Ek weet nie wat met my gebeur nie, Dolla. Die maagkwaal van my laat my tog so na die onaardigste dinge lus.

ELANA: Sal tannie Mimi nog voor ete doodgaan?

DOLLA: Elana, gaan kombuis toe en dan vra jy aia Siena vir vye en stroop. Daar is heuningkoek in die spens. Gou my kind.

*Elana gaan uit. Sy roep:*

Siena!

*Sy sing soos sy uitdans:*

Tant Mimi word al vrot, Tant Mimi sit op die pot . . .

MIMI: Tot die kind weet ek gaan sterf. O, Dolla, ek het gesondig en nou eis die noodlot sy loon. O, Grootoor, ek word gestraf.

DOLLA: Dis my skuld, Mimi, ek het jou destyds in die skande verlei.

MIMI: Nee, my suster, jy’t my hier ’n tuiste gegee. Ek het goed geleef met jou en Fanie en die liewe kinders. Ek is voorsitster van die Vroue-landbouvereniging, kampioen-koeksisterbakster en uithaler-inlêer. Wat kan ek nog van die lewe vra?

DOLLA: Jy sal gou weer gesond word, Mimi. Die dokter het gesê dit is maar net jou gal.

MIMI: Hy sê maar dis gal, maar ek weet nie. Soms voel dit my ek gaan ontplof! O, Dolla, dink jy ek het die kwaal van onse mammie geërf? Of dink jy ek het ’n wurm?

DOLLA: Shhh, dis alles jou verbeelding. Rus, Mimi, en word gesond. Dan sal ons vir jou ’n man soek. ’n Goeie man, soos my Fanie, wat jou sal liefhê. En jy moet ook kindertjies hê, want ’n vrou sonder kinders is soos ’n koek sonder ’n kers.

MIMI (*vol jammerte*): En ’n man sonder ’n vrou, is soos ’n voël sonder vere.

*Elana kom gillend binne, assegaai in hand. Tertius, met bokshandskoene aan, jaag haar.*

DOLLA: Kinders! Nie in die huis speel nie!

TERTIUS: Sy’t my met haar assegaai gegooi!

ELANA: Is’ie, is’ie! Hy’t eerste begin! Hy’t my hare probeer brand!

*Pandemonium.*

DOLLA: Tertius! Waar’s jou pa?

TERTIUS: Pa’s onder by die skuur.

DOLLA: Nou bly julle twee hier by tannie Mimi, hoor?

MIMI: Ag, Dolla, moenie jou oor my kwel nie. Ek voel al baie beter.

*Dolla gaan uit. Elana en Tertius kyk Mimi stip aan. Mimi is dadelik agterdogtig.*

TERTIUS: Hallo, Tannie. Hoe voel tannie Mimi vandag?

MIMI: Swak, my kind, swak.

ELANA: Tannie lyk soos ’n blaasoppie.

MIMI: Ag, Elana, jy sê die fraaiste goed.

*Sy begin kraam; gil en skree.*

Ooooooooo! Steekpyne . . . Ooooooo . . .

ELANA: Tertius, wat gaan ons doen!

*Tertius slaan Mimi bewusteloos met die bokshandskoene.*

TERTIUS: So ja.

ELANA: Haai, Tertius, jy moet ’n dokter word.

TERTIUS: Nee, ek wil ’n balletdanser word, maar Pappa sê ek moet hier bly en op Grootoor boer. O vaalhond!

ELANA: Sies, Tertius, ek gaan vir Mamma sê hoe vloek jy, hoor?

TERTIUS: Klikbek!

*Mimi kom by met ’n gekerm. Dis nou Elana se kans om haar op die kop te slaan. Mimi sak weer weg.*

ELANA: Mamma is buitendien kwaad omdat jy my lippe rooi gemaak het. Sy sê dis ’n sonde. Poo, tannie Mimi ruik sleg.

TERTIUS: Dis haar gal.

ELANA: Die buurkinders sê mos tannie Mimi stoot goem.

TERTIUS: Wat’s dit?

ELANA: Haar gal swel op.

TERTIUS: Jy moenie met die buurkinders gesels nie. Mamma hou nie daarvan nie.

ELANA: Jy gesels dan met die buurkinders.

TERTIUS: Ja, maar ek is ouer as jy.

ELANA: Toemaar, ek weet alles. Ek weet hoe julle ‘gesels’! Nou die oggend in die skuur? Ek het gesien! Jy en Hettie en klein Dries. Julle was sonder klere!

TERTIUS: Ag, wat weet jy, Elana, jy’s nog klein.

ELANA: Ek weet, want ek het gesien hoe julle onder mekaar ‘gesels’! Sies, ek gaan vir Mamma sê!

TERTIUS: Hettie het in ’n stuk glas getrap, dis al. Ek moes haar bene oor my skouers hou om die bloed terug na haar brein te kry.

ELANA: Maar jy’t dan ook met Dries ‘gesels’?

TERTIUS: Hy’t ook in ’n stuk glas getrap.

ELANA: Ek sal vir Mamma sê!

TERTIUS: Dan klap ek jou!

ELANA: O nee, ek is nog te klein. As jy aan my slaan, gaan jy nie hemel toe nie! Ek wil speel. Vandag is ek Rooikappie en jy’s die wolf.

TERTIUS (*doen ’n diva*): Ek is Rooikappie! Ek is Rooikappie!

ELANA (*met ’n skop en ’n klap*): Ek is Rooikappie! En as jy nie doen wat ek sê nie, dan vertel ek vir Mamma en Pappa voor die Kerkraad dat jy my sigarette steel, dat jy met die buurkinders ‘gesels’ en dat jy my nuwe onderrok gedra en geskeur het!

TERTIUS: Nou goed, ek is die wolf!

*Hy brul soos ’n wolf.*

ELANA (*sy’t gewen*): Onthou net dit, Boetie. Ek is Elana van Aarde! Doen net één ding teen my, en ek vertel vir almal alles! Álles!

*Mimi kom nou weer stadig by.*

MIMI: O, waar is ek . . . my kop voel so raar . . .

TERTIUS: Maar die galpyn is weg.

MIMI: Ja raai . . . weg!

TERTIUS: Miskien sal ek dokter word.

MIMI (*liefdevol*): Ja, Tertius, dis ’n goeie toekoms vir ’n Van Aarde. Jy moet ’n goeie meisie vind en met haar trou en kindertjies hê.

ELANA: Kom gal van ‘gesels’?

MIMI: Hoe nou Elana?

ELANA: Tannie Mimi ‘gesels’ mos dikwels met Pappa.

MIMI: Natuurlik.

ELANA (*vir Tertius*): Sien! Ek was reg! Is dit ’n sonde om te ‘gesels’, Tannie?

MIMI: Nee, my kind, om lekker te gesels is ’n gawe. Ons gesels mos heerlik saam.

ELANA: O, dan kan ek ook ‘gesels’?

MIMI: Ja, my kind.

ELANA: Met Tertius ook?

MIMI: Maar natuurlik.

ELANA (*fluister*): Ek doen dit nie verniet nie, hoor. Dit gaan jou ’n tiekie kos!

*Mimi gee ’n geweldige gil.*

MIMI: O, ek sterf!

ELANA: Uiteindelik!

MIMI (*’n aria*): O, my kinders, voordat ek op sagte engelvleuels weggedra word, belowe my dat julle nooit julle rûens sal draai op hierdie swaargewonne grond nie! Onthou die opofferings van julle meerderes en maak Grootoor groot . . .

*Tertius en Elana ken die woorde en praat saam:*

TERTIUS, ELANA: . . .en die wêreld sal kniel voor die grootsheid van ons grond.

TERTIUS: Ja, Tannie.

ELANA: Ons belowe.

*Dolla en Fanie kom binne.*

DOLLA: Hier is jou medisyne, my suster.

*Gee Mimi haar botteltjie medisyne (brandewyn) in ’n bruin papiersakkie verberg.*

FANIE: Ag, Mimi my meisie, wat is dit dat jy so moet ly.

MIMI: Ai, Fanie, ek dink ek het ’n wurm.

FANIE: Ja-nee.

*Aia kom dramaties binne.*

AIA: Baas Fanie, baas Fanie! Die braaivleisvuur het handuit geruk! Die skuur is aan die brand!

*Almal kyk.*

FANIE: Waarlik! Die skuur brand!

DOLLA: Die buitehuise brand!

ELANA: My veld brand!

TERTIUS: My skapies brand!

*Almal hol uit. Mimi is alleen.*

MIMI: En wat van my? Ek brand van die pyn! Help my, iemand!

*Sy sak inmekaar en sukkel van die verhoog af terwyl sy kerm en kraam.*

O, Grootoor! Ek ontwurm!

*Aia kom binne.*

AIA: Als is uitgebrand, ja. Ek drink maar van Nooi se medisyne vir my swak hart.

*Sy neem die bottel brandewyn uit die papiersak en gaan uit. Fanie en Dolla kom binne, uitgeput en emosioneel. Hulle gesigte is swart van die rook. Dolla se voorskoot is erg gebrand.*

FANIE: O, Grootoor, plaas van verlange . . .

DOLLA: Plaas van verdriet . . .

FANIE: Plaas van as! Uitgebrand en verwoes!

DOLLA (*’n aria*): Grootoor lê deur die vlamme verwoes. Mimi lê deur ’n wurm verskeur. Ons skandvlekseun Tertius verlustig hom in ballet en buurkinders tussen die lupiene. Ons dogtertjie Elana is skaars elf jaar oud en versamel foto’s van Adolf Hitler. Jy is bitter,

Fanie, en Aia is kinds. Dis net voor die 1948-verkiesing. Jan Smuts verkrag ons Volk, en die toekoms lê swaar bewolk!

FANIE: Ons moet net glo en dinge sal regkom. Wees dankbaar vir die klein dingetjies van die lewe.

*Mimi kom in met ’n klein dingetjie: ’n baba.*

MIMI: Ag, my familie, wat het ek geëet?

DOLLA: Wat is dit!

FANIE: Mimi se galsteentjie.

MIMI: Ek het hierdie klein dingetjie onder ’n bos in my bed gevind. Waarlik, hier het ’n wonderwerk gebeur!

FANIE: ’n Babetjie? Maar hoe kon dit geskied?

DOLLA: Ai, Fanie, ek sê dit knaend en ek sê dit weer: dis ’n ongesonde gewoonte om so mekaar se badwater te deel.

*Aia is nou ook daar, ’n bietjie dronk.*

MIMI: Mimi is ’n mammie!

FANIE: Maar wat gaan die dominee sê!

MIMI: Wat bedoel jy, Fanie?

FANIE: Presies wat ek gesê het, Mimi: wat gaan die dominee sê? En ek is dan ’n diaken.

DOLLA: En ek is ’n vooraanstaande vrou in die gemeenskap!

AIA: En die nooi Mimi is ongetroud ook mos, ja. Wat gaan die baas Dominee dan sê?

*Skokreaksies van almal.*

DOLLA: Aia Siena! O vlindervlieg!

FANIE: O miershoop!

MIMI: O kleinhuisie!

DOLLA: Wat gaan ons maak!

AIA (*red almal*): Toemaar, ek ken mos ’n ou vrou op die dorp. Oumies Botha. Sy sal die babadogtertjie vat en soos haar eigene kindertjie grootmaak.

MIMI: O nee, my kindjie.

DOLLA: Dis die enigste uitweg!

MIMI: Ek sal van wanhoop beswyk!

FANIE: En ons sal van die skande vergaan! Dink aan Grootoor!

*’n Oomblik van nadenking.*

MIMI: Ek is finaal verpletter deur die ironie van die lewe. Ek is nou totaal en vir ewig van my humorsin beroof en ook van my moederskap. Maar julle het reg – Grootoor kom altyd

eerste in ons gemoed, in ons handel en wandel. Hier, Aia Siena, neem die skandvlekkie in jou bruin arms en dra haar die wêreld in. Ek ken haar nie. Ek wil haar nooit weer sien nie!

*Aia neem die baba versigtig en gaan snikkend uit.*

*Sy verlaat hulle dramaties en stylvol. Dolla volg met snikke en kopknikke.*

FANIE: Wat het ek gedoen? Nege maande gelede toe Mimi na die graanland gekom het met ’n pot lensiesop en growwe brood? Wat het ek gedoen toe sy oor die miershoop struikel en op haar rug geval het? Ek kan niks meer onthou. Maar, o boerewors, wat het ek gedoen!

*Musiek.*

STEM: Wat sal gebeur?

Sal oumies Botha wel die weggooikind aanvaar?

Sal die dominee iets agterkom?

Sal Mimi ooit weer kan lag?

En aia Siena? Het sy gesien? En sal sy onthou?

En wat van Fanie se diakonale besoeke aan die weduwee Van Graan op die dorp?

En Dolla? En klein Elana en Tertius?

Wat van hulle?

Sal die Nasionale Party die 1948-verkiesing wen?

En dan? Wat dan?

*Musiek neem ons na die volgende episode.*

DERDE BEDRYF

Episode 400 (1958):
'Die Tragedie van Grootoor'

ELANA, skaars twintig
TERTIUS, 'n patetiese dertig
MIMI, nie by haar volle verstand nie
DOLLA en FANIE, albei slagoffers van die swaar lewe
En 'n baie ouer maar nog diep geliefde AIA SIENA

*Episode 400*

STEM: Die vervaardigers van KUX-opwaspoeier bied met trots aan: Die Van Aardes van Grootoor, die epiese boeredrama wat elke sielkundige se hart sal streel.

DIE ADVERTENSIE

KARIEN: Ag, Marie, maar jy lyk so vars en sprankelend.

MARIE: Ja-nee, Karien. Ek het 'n geheim. Ek gebruik KUX.

KARIEN: KUX? Jy bedoel . . .

MARIE: Net so, Karien. KUX doen al my huiswerk in 'n rapstraps. Ek het nou tyd vir enigiets!

KARIEN: Ag, Marie . . .

STEM: KUX! In 'n rapstraps! Borde, koppies en babas. Koop KUX en begin dan eers die lewe geniet. KUX!

STEM: En nou, Suid- Afrika, episode 400 van die Van Aardes van Grootoor!

*Musiek is die ruk-en-rol lied 'Great Balls of Fire' en die episode begin.*

*Ligte wys ou aia Siena wat sit en aartappels skil. Sy is doof en dus is die radio se klank hard. Die gehoorapparaat is in haar een oor; die batterypakkie in haar sak.*
*Mimi kom kwaad binne en slaan die radio af. Sy neem die batterypakkie en gil daarin sodat Aia kan hoor.*

MIMI (*gil*): Sies! Skil jou aartappels.

*Sy gaan weer uit. Aia weet nie wat aangaan nie.*

*Elana en Tertius kom in, al geselsend.*

ELANA: Tertius? Wat bedoel jy? Vlug!

TERTIUS: Wat anders kan ek doen? Kyk hoe lyk ek, en ek is maar net . . . è . . . agt-en-twintig . . .

ELANA: Liewe aarde, broer, as Mammie en Pappie hiervan te hore kom . . .

TERTIUS: Hulle sal dit maar net moet aanvaar.

ELANA: Aanvaar! Is dit al waaraan jy in jou selfsug kan dink? Tertius? Hulle sal sterf van die skok!

TERTIUS (*kalm*): Too bad.

ELANA: En daar meng jy weer jou tale! Mammie kry die angsoorstelpings! Tertius my broer, hoe kan jy verwag dat ek jou angs verstaan? Ek – bra pas twintig jaar oud. Ek weet jou invloed op my kort iets opbouends, Tertius. Dat ek al twee aborsies agter die rug het, is maar net aan jou te danke – nee! Moenie bieg nie, laat ek klaar monoleer. Dis wel 1958 en ons jeugjare word steeds beskou as die flou verskoning vir baie onsinnighede. Maar daardie tyd van ongebonde plesier is verby!

TERTIUS: Ek sal vir jou twee tiekies gee.

ELANA: Tertius! Waar lê die rede vir jou roekelose rebellie? Die verskoning vir jou verslettery?

TERTIUS: Ek moet hier weg van dié plek, dié tronk, dié Grootoor!

ELANA: Tertius, Tertius . . . bloedjonk en reinonskuldig soos ek hier staan, verstaan ek alte goed. Jy’t miere in jou broek. Maar as Mammie en Pappie skielik ontslaap, kan ek Grootoor nie alleen beheer nie! Ek is maar net amper ’n vrou.

TERTIUS: En daar lê jou lewensgeluk, Elana. Jy vrou! Ek man. Jy alles; ek niks. Wat is verkeerd met my dat mense my so verafsku! Is dit omdat ek in die skrum flou val?

ELANA (*paai soos ’n Florence Nightingale*): Toemaar, Boetie, Elana is hier . . . shh, alles sal regkom . . .

TERTIUS: Ek sal alles opoffer vir vryheid, Elana. Ek wil dinge doen! Dinge doen . . . ballet doen . . . dinge doen . . .

*Hy vat intiem aan haar.*

ELANA: Hei! Nie weer sulke tyd nie, hoor?

TERTIUS: Ag, net vir oulaas, Elana. Kom ons ‘gesels’.

ELANA: Nee! Ek gee jou alles in my susterlike vermoë. My Sondagskoolhoedens en -handskoene. Tot my geheime Elvis-plaat om te speel! Maar ‘gesels’ sal ek nie!

TERTIUS: Dan moet ek voltrek wat my emosies my voorsê! Dan moet ek . . . (*’n stuiptrekking*) . . . urghh . . . arghhh . . . groawww . . .

ELANA: Tertius, is jy siek?

*Hy’s baie siek.*

TERTIUS: Gou . . . onder die tafel . . . die handsak . . . tant Mimi se handsak!

*Sy vind dit. Maak dit oop en haal’n inspuitnaald daaruit.*

ELANA: Moet ek jou hiermee steek?

TERTIUS: Daar is nie tyd vir subtiele komedie nie. Sit jou hande styf om my dy.

ELANA: Sies, Tertius!

TERTIUS: Doen dit! Anders sterf ek! So ja . . . (*steek homself kragtig in die bobeen deur Mimi se kouse wat hy dra*) . . . nou kan die genadesappies bespoed vervoer word na my bevoeterde brein . . .

ELANA: Haai, Tertius, jy kan nie so aangaan nie. Kyk hoe lyk tannie Mimi se kouse.

TERTIUS: Die oomblikke kom so onverwags, Elana. Verlede Sondag ná die diens het die gier my onder by die fietshokkie gegryp en ek het die koster se vrou gepak en haar van haar hoed en handskoene besteel! Wat is verkeerd met my, Elana? Dink jy ek is ’n . . .

ELANA (*tragies*): Ja, ek is bevrees.

TERTIUS (*geskok*): Wat! Dink jy ek is ’n liberal?

ELANA: Moenie daardie woord in die huis fluister nie. Die dak sal inval! Jy’s net ontsteld, Tertius. Gaan stap maar rustig in die veld.

TERTIUS: Dan val ek die skape aan!

ELANA: O hondepisbos!

TERTIUS: Besef jy nou hoekom ek moet vlug?

ELANA: Hoe gouer hoe beter. Maar gaan rus eers in my kamer.

TERTIUS: Kan ek tannie Mimi se handsak saamvat?

ELANA: Maar haar dagboek is daarin!

TERTIUS: Ek wil net haar lipstiffie lek.

ELANA: Maak net gou. Mamma en Pappa is nou-nou hier. Ek wonder of hulle die lening by die Landbank kon aangaan.

TERTIUS: Die Landbank? O liewe aarde nee!

ELANA: Tertius, moenie vir my sê jy’t . . .

TERTIUS: Ja! Verlede Woensdag het ek die bestuurder van die Landbank se vrou in die blankevroue-toilet bevlieg en haar hoed en handskoene van haar afgeraap!

ELANA: O kaalbas! Wat gaan ons doen? Grootoor is bankrot!

TERTIUS: Dis alles my skuld! Ek het Grootoor verraai! O, ek voel weer ’n aanval ontblom! Ek wil moor! (*’n Weeklag:*) Ek wil ’n skapie hê!

ELANA: Shhh, bedaar . . . ek is mos jou Rooikappie en jy’s die sterk ou wolf . . . shhh . . .

*Mimi kom in, omgekrap en onplesierig.*

MIMI: Liewe aarde, waar is my nuwe hoed en handskoene? Ek kon sweer hulle was in my kas!

ELANA: O spookspeeksel!

*Tertius skud net skuldig sy kop. Elana neem hom vinnig uit voordat Mimi oplet.*

MIMI: Wat kon van die goed geword het? Seker weer die ellendige kleingoed wat so steel. En waar is my handsak? My dagboek is daarin met al die familiegeheime.

AIA (*brom*): Don’t step on my blue suede shoes!

MIMI: Aia Siena? Wat gaan aan hier op Grootoor? Die plek val uitmekaar, maar almal lyk my hou vakansie!

AIA: Goodness gracious great balls of fire!

MIMI: Hoe durf jy so voor my vloek! En dit nogal in Ingels!

*Elana kom onskuldig en oulik binne.*

ELANA: Shhh, tannie Mimi maak te veel geraas.

MIMI: O, nou is my gesels geraas. Hoe durf jy so met my praat Elana van Aarde, jou klein snuiter! Hoe dink jy het ons in dié land grootgeword? Ons Van Aardes? Sonder respek vir ons meerderes? Met knaende bioskoop en goddelose ruk-en-rol? O nee, ons was eerlik en vol geloof en waar’s my handsak?

ELANA (*vloek*): O krimpelien!

MIMI: Sies, Elana! Die duiwel is los en hy seëvier! Ek sê net weer: dankie tog my moeder is nie hier om die verval te aanskou nie. (*Kyk op na Bowe.*) Moedertjie? Hou tog toe u engeloë en luister net na die salige engelkore. En nie na die vieselike Elvis Presley nie! Kommunis!

*Sy soek brommend rond. Elana praat in Aia se gehoorapparaat.*

ELANA: Het sy al haar pille gedrink? Oor.

AIA: Ja-nee, die maand se bottels is al oornag klaar. Ná elke bottel is nooi Mimi maller as ooit. Klim somaar in die bakkie en ry al singend bioskoop toe!

ELANA: O bloedblaas! Oor en uit.

AIA: Roger.

*Mimi kyk diep in haar teekoppie en lees die blare.*

MIMI: O onderbroek! Ek sien ’n plaag rooi miere! Ek sien ’n oordonderende massa swart sprinkane! Ek sien die einde van ’n wêreld! Maar ek sien verder as dit: ek sien die Van Aardes van Grootoor in vreemde lande, versprei en verdruk! Ek sien huise brand . . . ek sien . . .

*Sy trek die teesakkie uit die koppie en lees dit verder:*

. . . moord en bloed . . . vlees teen vlees en die walglike skandvlek van die verlede wat soos ’n donderwolk oordonder en verwurg . . . swart . . . bruin . . . geel . . . rooi . . . Elana!

ELANA: Wat! Wat sien Tannie?

MIMI: Ek sien Elana van Aarde in pelsjas en juwele . . . koningin op haar eie mishoop . . . ek sien my handsak in die kloue van die duiwel!

AIA: O horrorscope!

MIMI: Ek sien my kind van gister terugkeer na Grootoor, rooi met die bloed van die verlede en die stank van môre! Elana! Hou vas my hand, ek sien die einde!

ELANA: Wat is die einde, tannie Mimi?

MIMI: Jy sal my nooit glo nie!

ELANA: Vertel!

MIMI: Ek sien my sterwe! Ek sterf!

*Sy sterf.*

ELANA: Tannie Mimi! O sensorsnit!

*Dolla en Fanie kom terug uit die dorp in hulle beste gewaad.*

DOLLA: Fanie, jy kan eenvoudig nie verder jou vaderlike plig versuim nie. Jy moet eenvoudig die roede inlê oor hierdie skandelike ding by die Landbank. Dagsê, my kind. Wat makeer Mimi? Is sy dronk?

ELANA: Nee, sy’s dood.

DOLLA: Nee! Dood? O wee, my suster . . . maak oop jou oë . . . sy’s styf en koud . . .

*Drama uit die hoogste rakke van snot en trane volg nou:*

O geteisterde familie Van Aarde van Grootoor! Watter doolhoof van wanhoop moet jy blindelings deurslinger! Mimi is dood! O gekners van kunsgebit! My suster is weg sonder groet. Ek moes in die dorp vir Grootoor pleit, en toe kom haar tyd. O verwyt, verwyt!

AIA: Sy was mal, maar dit weens haar gal.

FANIE: My vrou, wees sterk!

DOLLA: Nee, in die aangesig van die dood is ek swak.

FANIE: O.

DOLLA: Mimi is in haar droomwêreld oorlede, en dis alles oor daardie kind wat sy moes weggee. Ek sê weer: wee die man wat oor haar daardie duistere kleed gegooi het! Wee die man!

FANIE: Dolla, jy word nou baie persoonlik.

ELANA (*huilend*): Ons moet vir Tertius gaan roep.

DOLLA (*soos Medea*): Tertius! Ek haat daardie misoes van toeka se dae! Dis oor daardie bedorwe mofkind dat ons vandag sit waar ons sit! Ons sit waar ons sit omdat hy nie by die huis kan sit nie! Hy karjol in die dorp rond in my kerkgewaad en bevlieg vooraanstaande vroue in die blanke toilet van die Landbank! Ag, was dit maar net een van die Ingelse banke, maar nee, ons wonderlike Tertius van Aarde van Grootoor kies natuurlik die blankevroue-toilet van die Landbank. Ek vloek die kind van my skande! Tertius van Aarde, wees vervloek!

*Tertius kom baie ontsteld binne in Elana se nagrok, met Mimi se dagboek oop in sy hand.*

TERTIUS: Ek is vervloek! Maar julle is nog verder in die moeilikheid! Vir dertig jaar lank dink ek ek is wie ek gedink het ek is, en vir dertig jaar lank was ek verkeerd! Ek is nie wie ek dink ek is nie! Ek weet nou alles! Ek is ’n skandvlek! Daarom is ek so anders, my moeder en my speel-speel vader, want ek is oneg! Oneg! Is ek reg?

ELANA: Tertius, nee!

FANIE (*Koning Lear*): Tertius, ja! Jy is nie van my vlees nie. Jy is die produk van ’n ongesonde kruisbestuiwing! En danksy jou, meneertjie – of moet ek liewer sê juffroutjie – is ons Landbanklening ook in sy glory!

DOLLA: Fanie! Moenie jou tale meng oor Mimi se lyk nie!

FANIE: Tertius van Aarde! Jou vervloekte liberaal!

*Dolla skree en beswym.*

*Aia sukkel om haar gehoorapparaat aan die gang te kry.*

ELANA (*huil*): Pappa! Mamma! Tertius!

TERTIUS: Ek wil nie meer leef nie! Ek wil sterf! Waar is die naald! Gee my naald!

*Fanie probeer keer en daar is ’n gestoeiery. Dan val Fanie sterwend neer.*

FANIE: O Grootoor, die optelmof het my vermoor.

*Hy sterf.*

ELANA: Pappa!

*Sy skree soos ’n besetene.*

TERTIUS: Nee! Ek het hom met die naald doodgesteek!

*Hy skree soos ’n besetene.*

DOLLA (*kom by*): En wat is dit? O wee, o wee, skeur my bloomer . . . my man . . . my man . . .

*Sy skree soos ’n besetene en en word flou.*

AIA: My battery is pap.

ELANA: O, Tertius, wat gaan van jou word?

TERTIUS: Hulle sal my hang!

ELANA: Jy moet vlug!

TERTIUS: Maar wat van jou? En Grootoor?

ELANA: Vlug! Gaan na my kas en neem my klere, so sal hulle jou nooit vind nie.

TERTIUS: O, my suster! O, Grootoor! Ek vlug!

*Hy neem afskeid van sy familie.*

Vergeef my . . . my moeder . . . my vader . . . my tante . . . Elana . . . (*kliphard*) . . . Aia . . . Stoelie . . . Springbokradio . . . skapies . . . Vaarwel!

*Hy waai vir die skapies en gaan uit.*

AIA: Kos is op die tafel!

DOLLA (*kom by*): Waar is ek? O, ek is terug op Duiwedoor, my opgroeiplaas. Ek is sestien. Kom die man van my drome my besoek? Die jonge Fanie van Aarde? Mimi?

ELANA: Ek is Elana, Mamma . . .

DOLLA: Nee, jy’s my jonger suster Mimi. Die lewe lê nog vir ons voor. Die wêreld gaan nog van ons hoor – ek en Fanie van Aarde van Grootoor! Waar is die blommetjies op die graf van onse ontslape vader? (*Soos Ophelia.*) Hier’s ’n waterblommetjie vir jou . . . en ’n protea vir jou . . . en (*aan Aia*) . . . ’n stinkafrikaner vir jou. Shhh . . . slaap rustig dapper helde. Die Ingelse is verdryf! Die Boere seëvier. Lank lewe oom Paul!

*Sy gaan mal uit.*

AIA: Mies Elana?

ELANA: Dis ons einde!

AIA: Nee, mies Elana. Ek is oud en my lewe is amper oor. Ek sal dit vir Grootoor gee.

ELANA: Aia Siena? Dis jou lewe vir my toekoms?

AIA: Skryf neer, mies Elana: Ek, aia Siena Witbooi, het die baas Fanie gesteek, die nooi Mimi laat verdood, die kleinbaas Tertius laat verwilder en die nooi Dolla bedonner. Dis alles ek. Sorry.

*Elana skryf vinnig.*

ELANA: Teken.

AIA: Ek druk duim.

*Sy druk duim.*

ELANA: En nou?

AIA: Goodbye, mies Elana.

*Aia druk haar geapparaat se draad in die ligprop and gaan manjifiek dood.*

ELANA (*'n aria*): O, my bruin suster, lê rustig in my arms, want daar's niemand om te sien nie. Dis die einde vir jou, maar die begin vir my. Totsiens, ou vriend. (*Soos 'n Scarlet O'Hara.*) En nou is ek werklik alleen. Sonder geld, familie of toekoms. Maar ek lewe en ek lus vir die lewe. O, Grootoor, hoor my toekomskoor! Die bloed van vandag sal bly kleef aan die rand van my silwer beker van geluk en voorspoed en my laat onthou! Ek sal nooit nie trou, net leef vir jou! Gee my net 'n teken, O, Grootoor, my plaas van verlange, my plaas van verdriet, my plaas van verderf! O, Grootoor, gee my jou oor!

*'n Geborrel uit die grond maak haar hande swart van die olie.*

Olie! Olie! Dankie, Grootoor! Die wêreld sal nog van my hoor! Ek, Elana Caltex van Aarde van Grootoor!

*Musiek neem ons tot in die begin van die pouse.*

DIE POUSE

## VIERDE BEDRYF

Episode 600 (1968):
‘’n Gemaskerde Tuinparty op Grootoor’

ELANA, kil en dertig
EVERT, agtienjarige seun van Fanie en die weduwee Van Graan
DOLLA, nie so lekker nie
BRENDA BOTHA, Mimi en Fanie se 1948-skande
’n ryper TERTIUS
KLEIN SIENA, ou Aia se kleindogter

*Episode 600*

STEM: En nou, onder die beskerming van die Departement van Bantoe-onderwys, episode 600 van die voorgeskrewe werk vir Bantoeseuns onder veertig:
Die Van Aardes van Grootoor.

DIE ADVERTENSIE

KONGA: Auw, Daphne, ek dink jy lyk te mooi!
DAPHNE: Êwe, Konga! Ek gebruik net KUX.
KONGA: Ow! Die KUX!
DEPHNE: Êwe, Konga! Met die KUX lyk ek nes die Mêrrem!
KONGA: Aikôna! Dis nog beter! KUX!
STEM (‘*pluraal’*): KUX! Verbleikmiddels vir meide! Die hoop vir môre!
KUX! Gebruik dit, en word wit!

*Musiek.*

STEM: Ná die vertrek van die Griekse oliemagnaat Ozonis kom Grootoor weer tot bedaring.
Elana van Aarde se groot planne vir die toekoms hang net van een ding af – die toestemming van die Regering.
Ná haar tragiese gholftoernooi met die Britse Minister van Buitelandse Inmenging is Elana van Aarde stiller en killer as ooit.
Die tuinparty van November 1968 kan óf die begin wees – óf die einde . . .

*Ligte op die toneel van die Tuinparty. Almal dra karnavalmaskers met die aksent op diere. Elana en jong Evert is in 'n passievolle omhelsing. Sy dra 'n Nazi-leerkostuum met 'n tiermasker; hy is 'n haas. Sy beweeg skielik weg van hom.*

ELANA: Los my uit. Jou snorbaard gee my uitslag op my nek.

*Sy gaan uit. Dolla kom in, maller as ooit.*

DOLLA: Ag, dis jammer jy's so gou weg, Fanie, daar's groot sports op Grootoor vanaand. Ag, Mimi, ek sterf vir 'n lekker dop wyn maar hulle wil dit nie vir my gee nie. Dis daai Elana van Aarde en haar jongetjies-beminde. Aia? Ag, kan jy nie iets daaromtrent doen nie? Nee, foeitog, jou hande is seker nou so vol . . .

*Klein Siena hol deur. Wys haar vingers soos 'n pistool vir Dolla. Sy dra 'n Disney-masker.*

KLEIN SIENA: Bang bang!

*Sy gaan laggend uit.*

DOLLA: Wat vang daardie Klein Siena nou weer aan? Dis mos Animal Farm vanaand, nie Walt Disney nie. Astrante klein snip! Ja-nee, Fanie, weg met die Uitlanders. Terug na hul tuislande!

EVERT: En nou, met wie praat tannie Dolla so?

DOLLA: Traak jou nie!

EVERT: Kan ek vir tannie Dolla nog iets bring om te eet?

DOLLA: Eet-eet-eet! Ek wil iets drink, man, dêssit, drink! (*Ou Ophelia*.) Kom my jong beminde Fanie van Aarde my vandag besoek? Hy wil met my trou . . . en wie's jy?

EVERT: Ek is Evert van Graan.

DOLLA: Evert van Graan? Nooit, jy's Fanie van Aarde! Gegroet, beminde.

EVERT: Nee, Tannie, rêrig, ek is Evert van Graan. Ek't mos op die dorp grootgeword voor Tannie se oë.

DOLLA: Maar jy lyk kompleet nes my Fanie. Maar nee waarlik, jy's mos oorle Baby van Graan se kindertjie. Ai, my man Fanie van Aarde was mos so goed bevriend met jou liewe moeder, nog voordat jy gebore is, raai. Hy't soos 'n goeie Christen so mooi vir Baby gaan besoek. Foeitog, en toe's sy mos deur 'n kerkhofuil doodgepik. En hier is jy en tot vandag weet niemand wie jou pa was nie. Het jy vir my 'n skyf?

EVERT: Ja, Tannie.

*Gee vir haar 'n pakkie sigarette.*

DOLLA: O, jou toe kind. Ag wat, ek sal my eie zol rol.

EVERT: Haai, Tannie, netnou sien die mense.

DOLLA: Dis 'n goeie ou boereraat dié. Een trek en jou liddoring val af.

*Klein Siena kom in.*

KLEIN SIENA: Elana van Aarde wil wiet wat vang die ou vrou aan. Ek moet haar kamer toe neem.

DOLLA: Kom net naby my en ek sal skree! O, waar is jou tragies heengegane ouma Aia.

*Elana kom in, vies.*

ELANA: Mammie!

KLEIN SIENA: Die ou vrou het daar buite rokkies opgelig en geskinder van die dominee en sy diaken.

ELANA: Mammie!

DOLLA: O die draak! Die Antichris in kienkie gewaad! Ons is die arme Christene en haar wêreld is die honger leeus! O wee, o wee!

ELANA (*donderend*): Mammie!

DOLLA: Moenie vir my Mammie nie, ek ken jou nie.

ELANA: Dan leer my ken, en leer my so ken! Jou Ophelia! Ek is nou siek en sat vir jou onluste! Besef jy aan wie jy daardie vieslike Van Der Merwe-grap vertel het? Die Lid van die Volksraad! Jy't die hoof van ENGKOM 'n kommunis genoem en die voorsitter van die Akademie 'n ou krimpelien-mof! Jy behoort in 'n malhuis opgesluit te word!

DOLLA: Ek is in 'n malhuis opgesluit!

ELANA: Klein Siena, gaan sluit die ou kreatuur in haar kamer op.

EVERT: Elana! Sy's jou ma!

ELANA: Hou jou agtienjarige haasbek, Evert van Graan. You're just small fry and don't you forget it!

DOLLA: Ingels! Ingels in my huis! Elana van Aarde, skaam jou! Ek gaan dadelik vir jou pa vertel. Fanie?

ELANA: Pappa is dood! Tannie Mimi is dood! Aia is dood!

DOLLA: En jy is dood, Elana! Jy staan Grootoor vol as die Groot Indoena en die wêreld sidder en beef voor jou blik, maar ek weet waar die ware Elana van Aarde huilend wegkruip. Jy's 'n vrou sonder liefde, en 'n vrou sonder liefde is soos 'n doos sonder 'n deksel! My moederlike oog traan vir jou, my kind! Ha, kom skattie! Ons gaan speel my geheime Beatles-plaat. (*Aan Evert:*) Haas Das!

*Sy gaan uit met Klein Siena.*

ELANA (*ontplof*): Die vieslike ou vrou!

EVERT (*paaiend*): Elana, Elana van Aarde . . . sy's siek. Sedert daardie vreeslike aand tien jaar gelede . . .

ELANA (*soos ’n Lauren Bacall*): Is jy nou weer skielik hier as my persoonlike geskiedkundige! Ek weet alte goed wat tien jaar gelede gebeur het! Ek praat nie daaroor nie; dis vergete. Ek staan nou sterk en alleen koningin op my persoonlike mishoop. Jy lyk belaglik.

EVERT: Ek is dan jou Wollie Wipstert.

ELANA: Wip? Jy kan dit nie eers spel nie.

*Hulle omhels en soen.*

EVERT: Elana, hoe lank gaan ons twee so aan?

ELANA: Sedert ek jou uit die verbeteringskool gekoop het, Evert van Graan! Ek hou van jou jong lyf, jou maagdemond, jou onuitputlike sekslus! (*Soen.*) Maar, diertjie, ons verhouding is niks om oor nostalgies te raak nie.

EVERT: Elana, ek het jou lief!

ELANA: Lief! Jy’s versot op my kredietkaarte en my Switserse bankrekening. Hou jou hoërskool-poësie vir die Kinderkrans en jou hoerhuis-ambisie vir jou drome, kindjie. They leave me stone cold. O, ek haat partytjies! Die aasvoëls van kapitalisme kom bevreet hul aan my silwerkom van gasvryheid. Maar ek het nie een ware vriend onder hul nie.

EVERT: Hulle’s almal belangrike mense!

ELANA: Vanselfsprekend. Ek is Elana van Aarde! Maar vandag het sy doel: ek wil die land koop, van hier tot by die see, van daar tot die berge. Mineraalregte! Daar’s sprake van diamante, koper, steenkool, uraan. As ek vandag slaag, is ek werklik die land se rykste, se magtigste vrou.

EVERT: Elana, ek is met jou!

ELANA: Maar dit hang alles af van die Sekretaris van die Minister van Mynwese en Tuinpartye.

EVERT: En as hy jonk is, sal jy met hom trou?

ELANA: Trou? Liewe aarde, moet al ons lewens soos ’n fotoverhaal eindig? Buitendien, wat sou ons my man noem: meneer Elana van Aarde? En ek het dan nou vir jou, Evert, my persoonlike vroeteldiertjie. (*’n Passievolle omhelsing. Sy verloor belangstelling en dink terwyl hy haar aanhou soen en betas.*) Waar is die Sekretaris . . . eina, jou bunnybaard . . . ek kan maklik die hele ENGKOM uitkoop . . . moenie daar vat nie! . . . maar daar is iets wat dwarstrek . . . (*klap sy hand weg*) . . . Grootoor se gister is die spook van vandag . . .

EVERT (*dronk van lus*): En ek?

ELANA: Doen wat van jou verlang word, en jy sal floreer. Ruk my net een keer in die bek, dan sal jy vrek!

*Sy gryp hom in 'n Hollywood-soen.*

*Brenda Botha trippel binne, die Miss South Africa-serp om haar bors.*

BRENDA: O haai ekskuus!

*Sy is geskok en verleë.*

ELANA: En wat is jy?

BRENDA: Wat jy lees is waar. O haai . . .

ELANA: Dan is jy nie in kunsgewaad nie? Fênsiedress!

BRENDA: Nee, skattie, ek is Brenda Botha! Ons het nou net in 'n privaat vliegtuig aangekom. So baie afsprake in die stad. Foto's, foto's, foto's. Ek moes 'n gorilla soen vir liefdadigheid. Sies, harig en swart! Ugh! Maar haai, is dit nou hoe Grootoor lyk? Ek is so bang om daardie Elana van Aarde te ontmoet, my broek trek glad dwars.

ELANA: Hoekom dan so?

BRENDA: Almal sê sy's so kil en hard en koud!

ELANA: Ha ha ha – leuens!

BRENDA: O. Dis wat te veel geld aan mens doen. 'n Vers uit my prille jeug is tog so toepaslik (*haal 'n klein boekie uit*): *My keepsakes* . . . (*Dra voor:*) 'Met rykdom lê die lewe swaar, g'n lief of lag bly oor sowaar. Wees lief en trek aan alles goud . . .'

EVERT (*voltooi dit*): 'Sonder liefde is die soetste sout'.

BRENDA: Maar o haai! Ek't daardie gedig dan in standerd twee geskryf.

EVERT: Ja. Aan my.

BRENDA: Jy bedoel . . .

EVERT: Ja.

BRENDA: Is jy . . .

EVERT: Ek is.

BRENDA: Evert van Graan! O haai, ek gaan huil. O, Evert my lief, my wêreld lê aan skerwe! Waar kan ek herstel?

ELANA: Gangaf om die draai.

BRENDA: O dankie, skattie, jy's 'n fees. O, Evert, o haai . . .

*Sy trippel uit.*

ELANA: Wat was dit?

EVERT: Brenda Botha. Ons was gekys in standerd twee. Sy’s mos ’n optelkind. ’n Ou kleurling het haar in ’n sloot gevind en vir tannie Botha op die dorp gebring. Foeitog. Wat is dit, Elana?

ELANA: Daar’s iets wat my pla.

*Tertius kom in. Hy dra ’n skaapmasker.*

TERTIUS: Moet ek die belaglike masker dra?

ELANA: Dis ’n belaglike maskerbal, Meneer.

TERTIUS: Is daar êrens waar ek my hande kan was?

ELANA: Gangaf om die draai.

EVERT: Mejuffrou Suid-Afrika doen herstelwerk.

TERTIUS: Toemaar, Hasie, ek belowe om nie my masker af te haal nie.

*Hy gaan uit.*

ELANA: Daardie stem agter die skaap? Brenda Botha? Wat is dit oor hulle twee wat my so pla.

*Dolla kom in soos ’n kêns Lady Macbeth.*

DOLLA: Ek het gedroom! Ek het gesien! ’n Naaldekoker uit die blou wat land en uit sy alie het my seun gegly! My verlore seun met ’n slet aan sy sy! ’n Slet hier op Grootoor! En terloops, haar naam is nie Elana van Aarde nie!

ELANA: Skei uit, Mammie, jy’s dik van die dagga!

DOLLA: Jou Hitler! Jou versotte kapitalis! Swart luiperd! Muishond! Wolwekuil! Slymgril uit my verlede! Verwulpse merrie met ’n babahings aan jou sy! O, waar hoor ek nou die kreet van verlange? Fanie? Mimi? Aia? Die verlede borrel voor my op soos ’n verstopte nagwa en ek voel nie so lekker nie . . . en wie’s jy?

EVERT: Ek is Evert van Graan, Tannie.

DOLLA: O nee! Jy’s Fanie van Aarde, my beminde! En ek is jou Dolla, jou tapyt, jou wakis, jou ingelegde vyestroop . . . (*Sy onthou skielik alles.*) Ingelegde vyestroop? Mimi se galsteentjie en John Firestone het nou net uit die voël geval. O wee . . .

ELANA: Sluit haar op en sluk die sleutel.

EVERT: Ja, Elana. Kom, Tannie.

DOLLA: Sieg Heil. Uit verdomde kol! Uit brein, laat ek was was was . . .

*Dolla en Evert gaan uit.*

*Klein Siena kom in met ’n pistool. Elana merk dit nie op nie.*

ELANA: Wat doen jy, Klein Siena?

KLEIN SIENA: Ek soek iemand om te skiet, mies Elana.

ELANA: Wel, nie in die huis nie. Gaan speel buite.

*Klein Siena gaan uit.*

*Brenda Botha trippel weer in.*

BRENDA: O haai, ek skaam my dood dood dood!

ELANA: Maak net gou.

BRENDA: Jy’s Elana van Aarde! O, ek is ’n gek!

ELANA: Ja-nee. Toemaar, jy’t mooi hare.

BRENDA: My hare is so swaar, maak my klaar. Ek is gevlei. Al daardie foto’s van my in die lang gang. O haai.

ELANA: Dit is foto’s van my ontslape tante Mimi . . . (*Skielike herkenning.*) O stormsloot! Wie is jy? Wat wil jy hê!

BRENDA: Ek is Brenda Botha, Elana van Aarde, en ek kom my erfporsie opeis. My deel van die Groot Koek!

ELANA: Hoe durf jy?

*Tertius kom in.*

BRENDA: O jislaaik, nou weet ek nie. Ek het net standerd drie . . .

TERTIUS: Verlaat ons!

BRENDA: Ek verlaat julle.

*Sy verlaat hulle.*

ELANA: En wie is jy?

TERTIUS: Ek is Sekretaris.

*Haal sy skaapmasker af.*

ELANA: Tertius! My broer! Sekretaris? Is dit moontlik dat jý van alle mense die teuels van my droomperd in hande hou? Maar waar is Tertius in sy toe-toe? Tert in Mamma se krimpelien?

TERTIUS (*vies*): Elana . . .

ELANA: Soek my nie! Raak my nie aan nie! Jy’t my hier agtergelaat met die lyke van Tante, Vader en Aia. Die verantwoordelikheid was hel, Tertius, hel! Sukses eis ’n sware tarief. Ek is alleen, koud, hard en oud. Maar genoeg van my; wat van jou?

TERTIUS: Kortliks, Elana: ek het ambisie gehad as balletdanser en koshuismoeder. Ek het stilletjies in die stad gewerk onder ’n skuilnaam: Christina Hauptfleish. Ek was hooftikster by die land se grootste bank: banking will never be the same again. En toe word ek lid van die Susterbond en nou: politikus! Ek staan op die steil nou pad na bo!

*Elana versag en begin planne beraam.*

ELANA: Tertius, jy moet my help. Ek wil mineraalregte koop, ammunisie-kontrakte verkry. My koeël-en-uraan-fabriek op Bid-en-Rus is ingerig. Die spoorwegkonsessies is myne, maar die grondregte tot by die see kan net jy vir my gee. Jy is die Sekretaris! Jy is lid van die Bond!

TERTIUS: Maklik, Elana, op voorwaarde . . .

ELANA: Ek sal jou goed betaal.

TERTIUS: Daar is eers die geval van ons halfsuster. Tannie Mimi se weggooikind. Ja-nee, Elana, Brenda Botha se erfporsie. Vyftig persent van Grootoor!

ELANA (*spuug*): Watter tipiese kabinetstruuk is dit? Ek is die volle eienaar van Grootoor! Ek is Elana van Aarde!

TERTIUS: En ek is die Sekretaris! Vyftig persent van Grootoor aan mejuffrou Botha of . . .

ELANA: Judas! Moet ek nou my bloedgeld, my lewenswerk deel met ’n skoonheidslet? Oor haar dooie liggaam, en glo my dit kan maklik gereël word! Dink jy ek het vir soveel jare alleen geveg, sodat jy met jou skynheiligheid die mat onder my blad kan kom uitruk? Nee! Nooit!

*Sy gaan manjifiek uit.*

TERTIUS (*bepeins*): Sy’t waarlik ’n vrou geword. Wat gaan ek doen? Brenda Botha het in haar besit daardie onsedelike onwelvoeglike foto’s van my in my boetebessie-uitrusting. Sy pers my af, en sonder haar vyftig persent van Grootoor sal die foto’s beslis in die Sondagkoerante verskyn . . .

*Dolla kom binne.*

DOLLA: Rooinek! How dares you, John Firestone, to come back here after so much gemê at Grootoor? You ruffled our feathers and then you ran away, and now here you are again and my feathers have all fallen out . . .

TERTIUS: Moeder. Ek is Tertius van Aarde. Ek is u seun!

DOLLA: Waar’s my rok en handskoene? Jy lieg! You are a British Bulldog with the lusts of a konyn! Help! Ek word verkrag!

TERTIUS: Ag, Moeder, wat het met jou gebeur?

DOLLA: Ek is mal, my kind. Hulle is almal teen my en wil die plaas van my wegwroeg, maar ek het ’n dokument in my strêpse. Die plaas behoort aan my en my alleen!

TERTIUS: Moeder, ek moet sien wat u in u strêpse verberg.

DOLLA: Ag, my kind, daardie ou area is al lank al pap en slap. Hier.

*Bring ’n dokument uit haar kousbande voort.*

TERTIUS: Waarlik. Tannie Mimi se testament. Brenda Botha kry niks! Ek is gered! Dankie, Moeder, bêre dit weer in jou strêpse waar dit vir ewig veilig sal wees.

*Hy gaan opgewonde uit.*

DOLLA: Jinne, mense glo ook maar enigiets. Jy koop mos pakke van die testamente by die CNA!

*Sy gaan ook opgewonde uit.*

*Brenda en Evert kom uit hul skuilplek.*

BRENDA: Daar’t jy nou self gehoor. Ek het g’n aanspraak op Grootoor nie!

EVERT: Hoe moes ons weet die ou ma dra ’n geheimpie in haar bra.

BRENDA: Maar o haai, ek het nog die boetebessie-foto’s.

EVERT: Gee hulle vir my, beminde Brenda. Met Tertius op die steil nou pad na bo, sal ons die foto’s later beter kan gebruik.

BRENDA: Evert! Wat nou? My wêreld lê al weer in blerrie skerwe!

EVERT: Trou met Tertius en word saam met hom groot. Slegs só sal die wêreld van jou hoor, Brenda Botha van Aarde, die erfgename van meer as net Grootoor.

BRENDA: O sluimerende ambisie! Jy’s reg, Evert. Skoonheidslet het net mag vir ’n dag. Ek sal met Tertius trou! Ek sal verander en hom verkramp bystaan en die geskiedenis sal my onthou!

*Hulle soen met mening.*

*Elana kom in met ’n gevaarlike glimlag.*

ELANA: Gee my die foto’s!

BRENDA: O vlooitepel!

ELANA: Van Graan, jou verrotte vent, dis nou klaar tussen ons!

BRENDA: Laat ek verduidelik . . .

ELANA: Jou wraaksugtige weggooiskepsel! Gepoeierde bepluimde foonsnol! Ek is Elana van Aarde en jý? Jy wou aan my eise stel?

BRENDA: Haai nee jislaaik, nou weet ek nie . . .

ELANA: Swyg, jou trawantgetras! Nou doen julle wat ek sê! Een: ek het die foto’s. Twee: Brenda Botha gaan trou.

BRENDA: Met Tert?

ELANA: ‘Met Tert’. Op voorwaarde dat jy jou aanspraak op my grond terugtrek. Ek sal jou goed betaal.

EVERT: En ek?

ELANA: Vir jou sal ek vernietig! Later, snaartjie, later!

*Tertius kom in en waai 'n telegram in die lug.*

TERTIUS: Elana, groot nuus! Ek het hier 'n telegram van Prima Protea . . .

BRENDA (*soos 'n Boere-Sandra Dee*): Tert? Ek is jammer oor my afpersery. Ek het die foto's verbrand!

TERTIUS: Weg van my!

BRENDA: Maar ek het jou lief, Tert. Ek wil met jou trou. Ons kan dinge deel . . .

TERTIUS (*vonkel*): Skoene en kouse? (*Dan ruk hy homself reg.*) Onmoontlik! Ek trou net met 'n meestersgraad in valuta-onderhandelings. Elana, die telegram lui: Minister van Mynwese en Tuinpartye skielik aan 'n cholesterol-aanval oorlede. Welkom in die Laager.

BRENDA: Minister?

ELANA: Minister van Aarde! Dan kan jy nou vir my die offisiële verlof toestaan.

TERTIUS: Maklik, Elana. Op voorwaarde dat ek een-en-vyftig persent van al jou profyt ontvang.

ELANA: Jou egte politikus!

TERTIUS: Besluit, Elana, of ek verklaar jou plaas dorpslokasie.

*Elana het nou 'n klein pistool in haar hand.*

ELANA: Ek het besluit. Tertius, jy sal hier namens Prima Protea die kontrak teken en Grootoor se grondregte uitbrei.

BRENDA: Geweld!

TERTIUS: Jy's gekker as onse moeder!

ELANA: Jy sal die stomme domme Brenda Botha trou en gelukkig maak, in hoëhakskoene ofte not.

TERTIUS: Ek sal jou vermoor!

ELANA: Nee, Tertius, ek het die foto's. Teken, of die land lê vol van jou ministeriële gedrag. En ek bedoel 'drag' in die Engelse sin van die woord.

TERTIUS: Jy sal jou nog hiervoor berou, harde kille vrou. Ek sal dit nie vergeet nie, Elana. Ek sal teken.

ELANA: Getuig!

BRENDA: Ek sal getuig.

ELANA: Sigaret!

*Evert gee haar 'n sigaret. Sy steek dit aan – met die 'pistool'.*

EVERT: Wat!

ELANA: Belaglike vent. Boetie, julle't nog baie om te leer.

TERTIUS: Elana! Namens my Departement plaas ek jou onder huisarres!

ELANA: Bietjie vroeg vir sulke histeriese stilmaakpogings. Dis nou eers 1968.

*Sy lag diep uit haar siel.*

*Klein Siena kom in met 'n regte geweer.*

KLEIN SIENA: Staan terug, Elana van Aarde! Ek gaan die Minister skiet!

ELANA: Dankie, Klein Siena, jy dink ook aan alles.

*Brenda se gil bring Elana tot besinning.*

KLEIN SIENA: Shut up! (*Brenda is stil.*) Dis oor kleinbaas Tertius dat my ouma Aia dood is! Dis oor kleinbaas Tertius dat ek my selfrespek verloor het! Dis oor kleinbaas Tertius dat Grootoor sal vergaan!

*Pandemonium.*

BRENDA: O ritsgits!

EVERT: Klein Siena, nee! Dink aan môre!

TERTIUS: Klein Siena, ek is te belangrik om te sterf!

ELANA (*sterk maar kalm*): Siena, gee my die geweer. Gee-vir-my-die-geweer.

*Klein Siena huiwer en verloor haar moed.*

KLEIN SIENA: Ja, mies Elana.

*'n Gestoei. Ligte gaan uit. 'n Skoot weerklink. 'n Gil. Nog 'n gil. Nog 'n skoot!*

*Musiek.*

STEM: Is Tertius dood?

Sal Brenda ooit weer kan lag?

En Evert? Waar staan hy ten opsigte van Elana van Aarde se emosies?

En Klein Siena? Is sy 'n tsotsi? Of is sy net honger?

En wat doen tannie Dolla in haar kamer?

En wie is die man met die groot sigaar?

VYFDE BEDRYF

Episode 780 (1978):
‘Vaarwel aan Grootoor’

ELANA, kil en koud en veertig
TERTIUS, vyftig en Prima Protea
BRENDA, sy vrou, verkramp maar smaakvol
DOLLA, antiek en herstel
Asook EVERT en
MADAME DAPHNE QUAZILEZI

*Episode 780*

STEM: Staan reg, Suid-Afrika, want hier kom dit!
Episode 780 – die laaste episode – van die H.O.L. Kultuurkroniek-pryswenner van 1977 – Die Van Aardes van Grootoor.
Met trots aangebied as ’n diens aan die volk deur KUX.

DIE ADVERTENSIE

KARIEN: Ai, Marie, ek sien jy’t ook een gekoop.
MARIE: Ja-nee, Karien, mens weet mos nooit. Ek glo in wakker wees en wakker woon.
KARIEN: Jy bedoel . . .
MARIE: Net so, Karien. Met KUX kan jy rustig slaap en altyd uitsien na ’n rooskleurige toekoms. KUX.
STEM: KUX-handsakpistole vir dames! Die hoop vir môre! KUX! Staan reg en veg!

*Musiek.*

STEM: 1978. Die geskrif is op die muur.
Prima Protea staan gereed om Grootoor sy nekslag toe te dien.
Elana van Aarde is stil.
Maar sy het ook planne gemaak – planne wat die toekoms van Grootoor wel kan verander!

*Musiek neem ons in die toneel: al die meubels is toe onder wit lakens. Die radio speel: 'n sepie (dit kan die eerste episode wees van hierdie drama). Elana staan elegant en leun op haar kierie. Luister na die sepie, dan slaan sy dit af.*

ELANA: Snert! (*Sy kyk rond.*) O, Grootoor, hoe sal die wêreld eendag van jou hoor? Net 'n grap en 'n growwe lag? My spookparadys, my kreunende koninkryk van toeka se dae, bebloed en verdoem – ek is nog hier. Wag totdat ek gaan voordat jy wraak neem.

*Sy is beslis nie gesond nie.*

*Brenda kom in, smaakvol verkramp.*

BRENDA: O, daar is jy, Elana. Die manne wil weet wat hulle nog moet inlaai. Onse aarde, maar die kamers lyk aaklig so sonder meubels.

ELANA: Dis die laaste vrag.

BRENDA: Ja-nee. Ek is so vies dat Tert aangedring het dat ek saamkom om jou kastig te help pak. Liewe land, daar is baie belangriker dinge om in die stad te doen. Jy weet natuurlik, as Mevrou Prima Protea is ek op al die beste komitees, al die uitsoek-liefdadigheidsorganisasies. My tyd is waardevol. Wie het die plek toe gekoop?

ELANA: Vra liewers jou man, Brenda, hy het alles skielik oornag gereël.

BRENDA: Hoe lyk my hare . . . is daar nie 'n spieël êrens nie?

*Waai 'n vlieg weg.*

Sies, ek verpes die gedurige vlieë en miskoeke en vetplante. Hulle sê die nuwe eienaar van Grootoor het duur betaal. Hulle sê hy't allerhande planne vir die plek.

*Elana wys geen emosies nie, maar Brenda geniet haar stekies.*

Shame. Sê my, Elana, wat word dan van al die ou antiekues wat agterbly?

ELANA: Toemaar, skoonsuster-halfsuster, as ek 'n weggooidingetjie raaksien, sal ek jou naam daarop inkerf: Aan Brenda Botha van Aarde, Mevrou Prima Protea, Mejuffrou Suid-Afrika 1967, tant Mimi se galsteentjie! Waarlik, Mevrou, die land sal lag!

BRENDA: Hou jou gladde mond, Elana van Aarde! Vir tien jaar moes ek onder jou magtige vlymskerp skaduwee leef, uitgelag en verkleineer! Danksy my invloed op Prima Protea het jy jou paspoort, tien miljoen rand kontant en 'n eenrigtingkaartjie na Paraguay! (*Triomfantlik.*) Kyk hoe stil is sy nou? Jy is 'n gesagsvraat, liewe skoonsuster, maar ongelukkig vir jou het jy jou aan mag ooreet, en nou het jou Groot Droom gebars!

*Die geluid van 'n helikopter.*

O muisvoël, hier kom die Pers!

ELANA (*verras*): Nee, dis Mammie en my nuwe stiefpa. Hulle is uit Europa geteleks. En hier is hulle, vir oulaas, terug op ons grond.

BRENDA (*neerhalend*): Jy weet natuurlik wat die mense sê, nè? Oor tannie Dolla se gedurige rondreis na Switserland en daardie dokters wat haar so vol bulls' glands pomp?

ELANA: Wat die mense sê is maar net skinderstories.

BRENDA: Wel, ek wil net sê die land is geskok. Dit plaas my in die grootste verleentheid. Ek praat nie eers oor haar nuutste huwelik nie! Sy's amper tagtig en hy's skaars my ouderdom! Vieslik!

*Dolla kom binne, tagtig, ongerimpeld en oorgemaak, 'n plastiese Baby Jane.*

DOLLA: Van wie praat julle?

ELANA: Mammie!

DOLLA: Hallo, my dogter . . . oppas vir die hare . . . Brenda, my liewe mens! Oppas vir die wang . . . hoe bedaard lyk jy nou. Is dit wat Prima Protea eis: wegsteek en verbloem? Elana kinta, en hoe gaan dit met jou? Vergeet nou van hierdie skokkende Grootoor-debakel en kom woon by ons in Kannes op die Riviera. Die fraaiste ou huisie, net vyf-en-dertig kamers en ek bad chronies in bokmelk. Wie is die nuwe eienaar van Grootoor? Iemand wat ons ken?

BRENDA: Ons wag vir hom. Tertius het alles gereël.

DOLLA: Tertius? Good Lord, my dear, that's asking for trouble! Wat voer hy nou weer in die mou?

ELANA: Brenda se handskoene.

*Moeder en dogter lag uiteindelik weer saam.*

BRENDA: Ja, lag maar, maar onthou dit: die een wat die laaste lag, lag die laaste!

DOLLA: Kom, my dogter, is jy klaar ingepak? Ons kan somaar dadelik vertrek.

BRENDA: Daar is nog die seremoniële oorhandiging van Grootoor.

DOLLA: O aarde nee, seremonies laat my kuite krul. Ag, arme ou Grootoor! Jy was wel eenmaal alles vir my, maar nou het ek ontdek die reënboog strek verder as jou heining.

ELANA: Hulle sê mos: alle goeie dinge moet tot rus kom.

DOLLA: Oor my dooie liggaam! Evert-Faan, jy kan maar inkom, daardie vieslike *Sunday Express* is nie hier nie.

*Evert kom in, walglik 'punk'.*

BRENDA: Sies, Evert, kyk hoe lyk jy!

EVERT: Modern, Brenda. Ag kom, moenie so bleek word voor die realiteite van die lewe nie. Daar is 'n wêreld wat buite vergaan en ons gaan saam.

DOLLA: C'est la blerrie vie!

*Sy hyg; 'n steek gly êrens los.*

EVERT: Dag, Elana. Jy lyk goed. (*Hy is geïgnoreer.*) En toe, wie het Grootoor gekoop?

*Tertius kom in, stuurs, graniet-fasade. Prima Protea. Dra manshandskoene wat later dameshandskoene ontbloot.*

TERTIUS: Hy arriveer binnekort. Alles is onder beheer. Moeder! Hoe was Brasilië?

DOLLA: Vol bekendes! Hallo darling! Versigtig, versigtig . . .

*Hulle omhels versigtig.*

TERTIUS: Elana, die kamer lyk soos ’n grafkelder. Wat van ’n paar bosse proteas en ’n bietjie Sonja Herholdt vir die geleentheid?

ELANA: Het ons vir hierdie familieverraad trompetgeskal nodig?

BRENDA: Elana, jy’s onnodig bitter.

ELANA: Bitter? O, die lagwekkende seermaak-ironie van hierdie laaste ou familiesaamtrek. Die Van Aardes van Grootoor! En nou, ná hoeveel jare van samesyn, word ons teruggedryf na douvoordag se donker? Ja, my familie, ons toekoms is nou ons verlede. Maar wat van tussenin? Tertius, die begraafplaas van Grootoor lê netjies van grafstene, soos paleise opgerig vir die groot hoere van gister! Vergeet maar daaronder die verkrummelende stoffies van ’n pappa en ’n tante en ’n aia, alleen en bang in die donker, want ons het die mense onder daardie vervloekte kunswerke vergeet! Die stryders van gister wat nóú moontlik en maklik gemaak het!

TERTIUS (*die politikus*): Elana, voorwaar ek sê vir jou: ek het dit eergister gesê, ek het dit vandag gesê, en ek sal dit môre ook sê! Wat gebeur moet gebeur! Ons familiebande en verlede is ondergeskik aan ’n voortbestaan en ’n toekoms! Maar glo my, as dit binne my kragte gelê het, sou dit nooit met Grootoor gebeur het nie. Elana, met ons rûens teen die muur is daar nie meer reëls nie.

ELANA: Hou jou voordrag vir die volk, Tertius van Aarde! Kom, erken vir eens en altyd! Ek was vir jou ’n bedreiging – die grootste vyand wat jy en jou mafia ooit moes teenstaan. Want ek en Grootoor staan vir die Waarheid!

TERTIUS: Rus, my suster en treur nie. Jy was eenkeer Elana van Aarde. Maar ons het besluit om die geheime toe te gooi onder beloftes. Daar is groter dinge op die spel. Wat moet gebeur sal gebeur!

*Brenda klap hande.*

ELANA (*droewig*): Jy sal ook eendag oud word, Tertius my broer. Oud en siek. En jy sal huil en hyg en stink en sterf. En die mense sal vergeet van die drome onder die graniet en daarna kyk en sê: wat is hierdie monument se naam?

BRENDA: Tertius? Maggies, man, sy kan nie so met jou praat nie.

TERTIUS: Elana! Maggies, man, jy kan nie so met my praat nie!

DOLLA: Moenie fight nie, kinders! Mammie se steke gly los as sy haar ontstel!

TERTIUS: Evert, sit vir Moeder versigtig in ’n stoel.

DOLLA: Nee!

BRENDA: Toemaar, ons weet! Ná haar laaste bulbal-behandeling kan tannie Dolla mos nie sit nie.

DOLLA: Wat bedoel jy?

BRENDA: As jy jou bene kruis, dan val jou pruik af!

TERTIUS: Orde! Orde in die familie!

*Madame Quazilezi kom in.*

QUAZILEZI: Good day. Have I come to the right place? This is Grootoor, I presume?

DOLLA: Wie praat daar, ek kan nie so lekker my kop draai nie . . .

BRENDA (*geskok*): Tertius, doen iets!

TERTIUS: Ek . . . I am . . .

QUAZILEZI: Ah, Prima Protea. How silly of me. I should recognise you from the stamps.

BRENDA: And the coins!

QUAZILEZI: May I introduce myself! Professor Comrade Doctor Daphne Quazilezi. I am the new owner of Grootoor.

*Dolla beswym. Brenda gooi op in haar handsak. Elana is sigbaar ontstem.*

TERTIUS: Can I see your travel documents please!

*Hy neem Madame Quazilezi se handsak, haal haar passpoort uit. Kyk daarna, gee dit terug aan haar, maar hou die handsak.*

*Then may I introduce my mother, Mrs Dolla-Maria Dieggenaar van Aarde van Graan.*

DOLLA: Bonjour, skattie, ek is gerestoureer.

TERTIUS: Her husband, Evert-Faan van Graan, BSc LLB (Harvard). My wife the Honourable Brenda-Ossewania Botha van Aarde. And of course, my sister . . .

ELANA: Elana van Aarde. Welcome to my home, Madame Quazilezi. We’re a bit disorganised, but that’s something we’ve got used to through the years. Can I get you anything to drink?

BRENDA: Net nie uit ons koppies nie!

QUAZILEZI: So you’re the legendary Elana van Aarde. Funny. I imagined you to be older and . . .

ELANA: Wiser?

QUAZILEZI: That will no doubt depend on the next few minutes. No thank you, I don't drink.

DOLLA: Evert-Faan, gee vir die pluraal een van jou imported Havana-sigaars!

QUAZILEZI: Madame, I don't support the Communists.

TERTIUS: Hoor hoor. And therefore, let us get down to basics, in other words, business – and as far as I am concerned and on behalf of former Department of Mineries and Garden Parties, now known as the Department of Singularities and Irregular Communication – and hereby renamed the Bureau for Anti-Libellous . . .

QUAZILEZI: Please! I have a heavy schedule: Pretoria, Windhoek, Salisbury, Randfontein, Dar-es-Salaam and Sea Point. Where shall we begin?

BRENDA: Do you want the old furniture?

DOLLA: What about the curtains?

EVERT: Do you want the fishpond behind the fountain?

TERTIUS: And our language monument behind the rockery?

QUAZILEZI: I want the land. As it is, I intend to demolish this house and build suitable quarters for my needs. Take what you will.

*Lelik en luidrugtig plunder die Van Aardes vir Grootoor. Elkeen neem iets saam – 'n stoel, 'n pot met blomme, 'n prent, 'n mat.*

*Elana en Mme Quazilezi bly agter.*

ELANA: And the name, Madame Quazilezi? May I take the name: Grootoor?

QUAZILEZI: Of course. I have a new name, naturally: Kwalimbia.

ELANA: Yes, how silly of me. You should be happy here, Comrade. This land has everything. All you need is that something to make it work. We had it. Once. It was good while it lasted.

QUAZILEZI: You amaze me, Miss van Aarde. You're so calm. You're a squatter now and yet you still manage to play the Empress. Can anyone be that arrogant?

ELANA: I'm dying, Madame. I have terminal cancer and a few sunrises left. But I still have everything – in spite of you. My arrogance, my achievements, my contempt. Everything!

QUAZILEZI: Except your health. You can't buy it, you can't bribe it, you can't steal it.

ELANA: But I can dream it. My dreams are all I have left and they will keep me alive! (*Vol passie.*) I have always lived with wild hopes and that maddening vicious thirst for truth and survival! And now suddenly my greedy hunger has become a bloated hand-out and my technicolour dream a monochrome nightmare. So what is left for me, but the scorched earth that was once my paradise, and now will be yours.

QUAZILEZI: I will respect your memories.

ELANA: How sweet of you.

*Sy sak inmekaar. Madame Quazilezi wil help, maar Elana kom reg.*

Forgive me . . . do you find me disgusting?

QUAZILEZI: No, Miss van Aarde. I find you attractive, very brave and somewhat futile.

ELANA: Ja-nee. (*Sy kyk stip na die swart vrou.*) You so remind me of someone I once knew. Her grandmother gave her life for my survival. Maybe I should blame her for everything. If she hadn't been so bloody loyal, all this might have died a natural death.

QUAZILEZI: And I remind you of her granddaughter?

ELANA: It's silly really.

QUAZILEZI: I don't know. You people always say we all tend to look alike.

ELANA: She also had the same infuriating habit of smiling. Always smiling. I knew she'd come to a bad end.

QUAZILEZI (*in Klein Siena se stem*): Miskien is jy reg, mies Elana.

ELANA: Klein Siena!!! Maar dit verander mos alles! Waar het jy skielik oornag alles aangeleer? Ons moet planne maak. Ek sal aanbly en Grootoor namens julle bestuur. Sienatjie, my skat! Ons was mos altyd goeie vriende. Ten spyte van alles wat jy in die verlede gedoen het, is ons nog goeie vriende?

QUAZILEZI: How sweet of you.

ELANA: Saam kan ons Grootoor nog groter maak!

QUAZILEZI: Madame, you are now trespassing on my land.

*Sy gaan uit.*

ELANA: Siena? (*Dan skril:*) Kaf . . . Pluraal! (*Paniekerig:*) Pappa? Tannie Mimi? Ouma? Aia? Help my . . .

*Tertius kom in.*

TERTIUS: Ons wag vir jou, Elana. Die stootskrapers is hier. Die huis word gesloop. Daar word ook eksklusiewe persfoto's van die familie geneem deur die City Luyt.

ELANA: Natuurlik. Tertius, neem almal solank op 'n laaste toer deur die huis. Begin bo in die solder.

TERTIUS: Die solder? Hoekom die solder?

ELANA: Sulke dinge begin en eindig mos altyd in die solder.

TERTIUS: Jy het 'n snaakse uitdrukking in jou oë, Elana.

ELANA: Maar net die stof. Onse aarde.

*Tertius gaan uit met 'n laaste stukkie erfenis. 'n Pierneef?*

*Elana se laaste aria.*

Grootoor? Is dit nou totsiens, my vriend? My ou vyand, vaarwel? Gister is ’n leeftyd. Vandag oneindig lank, en môre net ’n vae leemte in my gemoed, want jy is my ontneem, my beminde. Saam het ons vir veertig jaar gegroei, geworstel, gelag. Maar nou klou die dood aan ons vas soos mis, en stink soos mis. Môre lê daar nog ’n groter duisternis voor vir jou as vir my.

*Sy kyk vir oulaas uit oor die land.*

Die landerye is al plat. Miskien sal die ou wilgerboom bly staan . . . grafte . . . herinneringe . . . deel van die droom en klug van ander.

*Sy ontbloot die rooi knop, kyk op na die solder en gee haar finale uiting van oorwinning.*

Ek het gegee. Ek het gelewe. En ek sal nou kragdadig sterwe. Maar die wêreld sal nog lank van ons hoor: ek, Elana van Aarde en die Legende van Grootoor!

*Sy druk die knop met energie.*

*Ligte uit. ’n Kernontploffing.*

*Die einde.*

STEM: Dit was die laaste episode van Die Van Aardes van Grootoor.

Met . . . . . . . . . . . . . . ...

(*Noem die akteurs wat gespeel het.*)

Regie deur . . . . . . . . . . . ..

(*Noem die regisseur*.)

Die Van Aardes van Grootoor is geskryf deur Pieter-Dirk Uys en opgevoer in die ateljee van die . . . . . . . . . . . ...

(*Noem die teater*.)